
Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 7, No. 1

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



Persoonlik

Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur

'n Noodsaaklike "sleutel" tot geestelike groei

In ons gejaagde, deurmekaar en radelose lewens, versuim ons dikwels om tyd te vind – of om *tyd te maak* – om te besin oor wat werklik belangrik is.

Soms, by die begrafnis van 'n dierbare vriend of 'n geliefde, staan ons vir 'n oomblik stil en besef hoe vinnig die geskarrel van *ons* daaglikse lewens *tot 'n einde kan kom*. Dit kan wees dat ons stilweg dink en mediteer oor die **ware** lewensvrae: *Waarom* is ons hier? Wat is die *ware doel* van ons lewe? *Hoe* moet ons daardie groot doel vervul?

Die meeste van ons besef die behoefte om meer sekerheid te hê in ons verhouding met ons Skepper en dat ons werklik nader aan Hom moet leef. Die meeste mense voel *oor die algemeen* dat hulle daarvan sal hou om Sy wil te vervul. Hulle dink dus kortstondig daaraan ... totdat die *telefoon lui*, of die tyd aanbreek vir hul gunsteling televisieprogram, of ... Hulle stel dus weereens hul geleentheid uit om nader aan God te kom.

Kom ek deel 'n baie belangrike "sleutel" met u wat my gedurende my 54 jaar in Christus se bediening gehelp het. Ek het baie beproewings en "voor- en teenspoed" in my lewe ervaar. Ek was bitter teleurgesteld deur die optrede van party van my eie tienerjariges, sowel as dié van ander jongmense in die verlede. Ek is

seergemaak deur die minagting of onbesonnenheid van ander mense wat ek liefgehad het. My eerste vrou van oor die 20 jaar het in my arms gesterf aan kanker. Ek het *tientalle* vriende en geliefdes sien wegdraai van God se Waarheid. Daar was dus *baie* "redes" om ontmoedig te kan wees.

Een gewoonte het my egter *altyd* gehelp om myself weer "reg te ruk". Dit was trouens daardie selfde gewoonte wat my in die eerste plek gehelp het om werklik met God kennis te maak.

Daardie noodsaaklike "sleutel" is die gewoonte om gereeld tyd en energie opsy te sit om God opreg te **soek**.

Hoe?

Hoewel Koning Dawid van antieke Israel letterlik *honderde* beproewings, toetse en groot *droefheid* ervaar het, het hy homself altyd weer "reggeruk". Ten spyte van sy menslike swakhede het hy "n man na God se hart" geword (Handelinge 13:22). Die Skrif gee ons 'n blik op Dawid se verhouding met God: "As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon" (Psalm 8:4-6).

Dawid het tyd gemaak om te mediteer en te dink oor wat werklik belangrik is. Hy het dit dikwels buite in God se wonderlike skepping gedoen, terwyl hy opgekyk het na die maan en die sterre. Hy het nie 'n radio of televisiestel gehad wat in die agtergrond lawaai het, of 'n telefoon of ander goed gehad wat sy aandag afgetrek het terwyl hy besig was om na God te soek nie.

Dawid het letterlik tot God geroep toe hy in die wildernis van Judea weggekruip het omdat Koning Saul hom wou vernietig: "O God, U is my God, U soek ek; my siel dors na U, my vlees smag na U, in 'n dor en uitgedroogde land, sonder water. Só het ek U in die heiligdom aanskou, om u sterkte en u heerlijkheid te sien. Want u goedertierenheid is beter as die lewe; my lippe moet U prys. Só sal ek U prys my lewe lank, in u Naam my hande ophef. Soos met vet en vettigheid sal my siel versadig word, en my mond sal roem met jubelende lippe as ek aan U dink op my bed, in die nagwake oor U peins. Want U was 'n hulp vir my, en in die skaduwee van u vleuels sal ek jubel. My siel is aan U verkleef; u regterhand ondersteun my" (Psalm 63:2-9).

Hierdie pragtige gedeelte vertel ons baie van Dawid se benadering tot God. Hy het voortdurend in byna elke denkbare situasie na God "gesoek". God was die middelpunt van Dawid se lewe, die Een wat Dawid waarlik

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – 'n Noodsaaklike "sleutel" tot geestelike groei

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

Hoofartikel

U het redding nodig

3

Verkeer u onder God se beskerming? Beskou God u as 'n "Christen"? Lees hierdie artikel om seker te wees!

Godsdiens in die spervuur

8

Wat is die werklike betekenis van die huidige aanval op God en godsdiens deur strydvlugte ateïste?

Vaderlose gesinne?

13

Sal die "goeie gesinsman" binnekort uitsterf?

Die toekoms van Jerusalem

19

Geskille oor Jerusalem is voortdurend in die nuus. Arabiere en die Israëli's veg oor die stad se toekoms, maar God het 'n wonderbaarlike plan vir hierdie lankgekwelde stad. Sal Jerusalem ooit vrede ervaar? Die antwoord mag u verbaas!

Gereeld

Vrae en Antwoorde

23

Profesie neem gestalte aan

24

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)
Bruce Tyler (Australië)
Gerald Weston (Kanada)
Douglas S. Winnail (Europa)

Nuusbuuro

June Olsen

Strekskantore

VSA:

P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALIË:

GPO Box 772
Canberra, ACT 2601
Tel: (07) 5546 0472
Faks: (07) 5546 0768

KANADA:

P.O. Box 27202
Toronto, Ontario, M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: (09) 435 3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

BRITTANJE:

P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 058 623 1303

Die Wêreld van Môre-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die Wêreld van Môre-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

U het redding nodig!

Deur Roderick C. Meredith

Verkeer u onder God se beskerming? Beskou God u as 'n "Christen"? Lees hierdie artikel om seker te wees!

Die wêreld wankel op die rand van **vergetelheid**. Regdenkende mense oraloor begin om *bevrees te wees*. Ons lewe in die skaduwee van gewelddadige dood. Dit kan enige dag of enige nag kom, selfs enige sekond. Dit kan ontketen word deur die kleinste politieke vonkie in 'n veraf land. Vroeër hierdie jaar het die *Bulletin of Atomic Scientists* die beroemde "Oordeelsdag-horlosie" twee minute vorentoe geskuif, na slegs vyf minute voor middernag!

Die mense weet dat ons in gevaarlike tye leef en baie is rusteloos. Baie van hulle dink meer ernstig as ooit tevore na oor baie dinge – en nie die minste daarvan is die *hiernamaals*.

Verhoogde belangstelling in godsdiens

Hierdie era van geweld en potensiele wêreld-*selfmoord* het gehelp om in die VSA, soos ook in Suid-Afrika, belangstelling in godsdiens aan te wakker. Talle mense dink meer en meer daaraan om met iemand vrede te maak, verkieslik met God.

Maar, "maak mense werklik vrede" met God – deur hulle waarlik *te bekeer*, deur *verander* te word en om onder Sy goddelike **beskerming** te kom?

Die ware Skeppergod sê dat die meeste godsdienstige mense

mislei is! U Bybel beskryf hierdie einste eindtyd as 'n tydperk wanneer Satan die Duiwel "*die hele wêreld sal mislei*".

Jesus beskryf óns tyd wanneer Hy sê: "Baie sal onder My Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal *baie mense mislei*" (Mattheüs 24:5). Ja, die *baie* predikers wat daarop aanspraak maak om Christus se dienaars te wees en wat verkondig dat Hy Christus is, verkondig *hul eie mens-uitgedinkte boodskap oor die persoon van Jesus en mislei* daardeur miljoene der miljoene mense!

Nogtans, ten einde deur **God** beskou te word as 'n *ware Christen* – ten einde Sy beskerming te geniet in hierdie onstuimige tye, ten einde deur Sy Gees gelei te word – **moet** u die ware boodskap wat Jesus vanaf God die Vader na hierdie aarde gebring het, *glo* en *gehoorsaam*. Jesus het beveel: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. **Bekeer** julle en **glo** die evangelie" (Markus 1:15).

In hierdie tydperk, meer as in enige ander een, het u God *ontsettend nodig* – Sy leiding, Sy seëning, en Sy *beskerming*! Dit help nie om uself oor hierdie feit te "bluf" nie. **Hierdie is u lewe** – hoe wil u dit gebruik?

Wat u behoort te doen

U behoort die **feit** te erken dat *u* heel waarskynlik een van die magdom mense is wat die *breë weg* volg wat na die **verderf** lei (Lukas 13:24)! Indien u die menigte volg – indien u dieselfde algemene gesindheid teenoor godsdiens koester as meeste mense – dan is u sonder twyfel **mislei**! Onthou dat dit Satan die duiwel is "*wat die hele wêreld verlei (mislei)*" (Openbaring 12:9).

Genadiglik is sommige van u anders. Baie duisende van u besef, deur die *Tomorrow's World* beeldsendings en die bladsye van hierdie tydskrif, dat u *dieselfde boodskap* ontvang wat Jesus Christus gebring het om die wêreld van sigself te red. Indien u onder die seën en beskerming van God wil kom, behoort u *seker* te wees van daardie boodskap – en dan daarvolgens *te handel* en dit te **gehoorsaam**.

U behoort eens en vir altyd aan uself te **bewys** dat daar 'n *persoonlike*, lewende, aktiewe, almagtige Skeppergod is. U behoort te *weet* dat die Bybel Sy *geïnspireerde* openbaring van die ware *doel* van die lewe is en van die geestelike *Wette* wat vreugde en sukses meebring. U behoort dit te *bewys* en te *weet* dat die Bybel *gesaghebbend* is –

dat die woorde gerugsteun word deur die lewende God wat aan u elke asemteug gee.

U mag dit alreeds verstaan, maar maak asseblief seker dat u dit aan uself só volledig *bewys* het dat u **bevrees** sal wees om a a n G o d s e b e v e l e *on gehoorsaam* te wees. U behoort God se woord as **die outoriteit** oor u ganse lewe te beskou. Christus sê: “Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag” (Johannes 12:48). Wanneer u eers hierdie basiese beginsels ten volle aan uself bewys het, behoort u aan te hou om die Bybel te bestudeer om die ware **boodskap** van die Almagtige God soos vervat in die Bybel, te verstaan en te gehoorsaam.

Christus se Boodskap

Jesus Christus gee aan ons die volmaakte, duidelike openbaring van God se plan en doel. Om 'n “Christen” te wees beteken eenvoudig om te glo in en te *gehoorsaam* wat Jesus verkondig het – om die **boodskap** wat Hy van God die Vader gebring het, te *aanvaar* en u daaraan te *onderwerp*.

Jesus sê: “Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek” (Johannes 12:49). Dus kom Jesus se *boodskap* direk van God die Vader.

Dit moet *gehoorsaam* word! Jesus het ook gesê: “En wat noem julle My: Here, Here! en

doen **nie** wat Ek sê nie?” Lukas 6:46).

Jesus het gekom om die Vader te “openbaar” (Mattheüs 10:27). Meer as enigiets anders, het Hy God openbaar as die Oppermagtige **Heerser** van die heelal. Hy het geleer dat menslike wesens nie hul eie idees en tradisies behoort na te volg nie, maar behoort te “lewe ... van elke woord van God” (Lukas 4:4). “Ondersoek die Skrifte” het Jesus gesê.

In die “model-gebed” het Jesus Sy dissipels geleer om te bid, “Laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde” (Lukas 11:2).

Christus het voortdurend *gehoorsaamheid* aan die *Wet* en *wil* van God verkondig. Toe 'n jong man Hom die *weg* na die ewige lewe gevra het, het Jesus geantwoord: “Maar as jy in die lewe wil ingaan, *onderhou die gebooie*” (Mattheüs 19:17). Dus, om 'n ware Christen te wees, moet u uself onderwerp om God se wil te **gehoorsaam**, die Tien Gebooie te onderhou en u wil so volledig te **onderwerp** aan u Skepper dat u werklik daarna sal streef om volgens “**elke** woord van God” te lewe.

Die Nuwe Testament onthul dat God nou besig is om in dié mense wat Hy *heilig* noem, Sy *regverdige en volmaakte* geestelike *karakter* te vorm, dit wat 'n voorvereiste is vir die kosbare *gawe* van ewige lewe in Sy koninkryk. Die basis van daardie volmaakte karakter is totale *oorgawe* om God se volmaakte geestelike *Wet* – soos openbaar in die Tien Gebooie en

geestelik uitgebrei in die Nuwe Testament – te gehoorsaam.

Dit vereis dat u u persoonlike wil *volkome* aan God sal *onderwerp*. Dit beteken 'n totale **verandering** in gesindheid, geloof en lewenswyse. Die apostel Paulus was geïnspireer om te skryf: “En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word **verander** deur die vernuwning van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is” (Romeine 12:2).

Onthou, *menslike* wil en krag kan nie hierdie verandering teweeg bring nie. Die geestelike liefde en krag moet as 'n *gawe* van God kom.

God se hulp word benodig

Die meeste van ons ken mense wat “voornemens” gemaak het om 'n beter lewe te lei – alkoholiste wat besluit het om die “bottel vaarwel toe te roep”, of misdadigers wat op een of ander wyse “hervorm” geword het. Baie min van hierdie veranderings is egter blywend of bevredigend. Selfs wanneer 'n verandering in een faset van die lewe permanent blyk te wees, kan ons sien dat die persoon se *hele lewe, gesindheid en handelswyses* *nie* heeltemal oorgegee is aan die algehele en volkome wil van die Skepper nie.

Menslike wesens wat afgesny is van die ware God kan hulself in 'n beperkte mate self “hervorm”. Hulle kan egter **nooit** die proses wat ons “bekering” noem, teweeg bring nie, want *ware* bekering is 'n **totale verandering** wat God teweeg

bring in die persoon se werklike *denke* en *aard*. Die apostel Paulus stel dit so: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar **Christus leef in my**. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek *deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het*” (Galasiërs 2:20).

Dit, my vriende, is die “sleutel”. Deur *opregte* berou oor sonde, daarna volkome *oorgawe* aan God deur Jesus Christus en nederige *geloof* in God se vergifnis van ons sondes deur die gestorte bloed van Christus, word ons die “gawe, die geskenk” van God se Heilige Gees *belowe* – Sy eie aard en karakter wat in ons ingeplant word. **Slegs** dit gee aan ons die krag om onself te kan “oorwin” en om God werklik *gehoorsaam* te wees want dit is “Christus in ons” wat God se volmaakte geestelike *Wet* gehoorsaam – *net* soos Hy dit in die menslike vlees gedoen het (Johannes 15:10).

Na **ware** bekering van sonde, moet u begin om die Bybel te *bestudeer*, oor God se *Wet* te *mediteer* en om voortdurend tot God te *bid* en met Hom te *praat*. U moet God werklik altyd **soek** (lees my Persoonlike boodskap op die eerste bladsy van hierdie uitgawe)! Deur hierdie proses en deur Sy Gees, sal u begin om die werklike *gedagtes* en *aard* van God in u te ontwikkel, want **Christus** leef dan in u *deur die Heilige Gees*!

U *ganse lewe* sal heeltmaal *verander* – *bekeerd wees* – en u sal dag na dag *groei* in genade en kennis. In geestelike gesindheid en karakter sal u meer en meer

soos Christus word in **elke faset van u lewe**. 'n *Algehele verandering* sal in u plaasvind wat nooit sou kon gebeur behalwe deur 'n bonatuurlike handeling van die Almagtige God nie.

God stel egter hierdie bonatuurlike hulp beskikbaar *onder sekere baie belangrike voorwaardes*.

U moet die ware Evangelie glo

Jesus Christus en Sy Apostels het altyd die evangelie van die *koninkryk* of wêreldheersende *regering* van God verkondig. Ons lees: “En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die *koninkryk van God* verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; *bekeer* julle en *glo* die evangelie” (Markus 1:14-15).

Neem weereens kennis dat die *twee dinge* wat Jesus beveel het, *bekering* van sonde en *geloof*, in Sy boodskap was.

In verband met *geloof*, het Jesus geleer dat *geloof* in die ware evangelie wat Hy verkondig het en *gehoorsaamheid* aan die *Wette* van God, onskiedbaar van mekaar is. Hy sê: “Die wet en die profete was tot op Johannes; van toe af word die evangelie van die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin. Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val” (Lukas 16:16-17).

Hier sien ons dat die *Wet* en die profete – die Ou Testament – God se enigste openbaring aan die mensdom was voor die tyd

van Johannes die Doper se bediening. Maar die geestelike boodskap van redding en die uitbreiding van God se *Wette* in hul geestelike verband en bedoeling, was deur Christus geopenbaar.

Let ook op hoe Jesus gehoorsaamheid aan God se *Wette* gekoppel het aan die Nuwe Testament se evangelie van die koninkryk. En dan, om enige twyfel die nek in te slaan dat Hy van God se geestelike *Wet*, soos openbaar deur die Tien Gebooie, praat, het Hy die oortreding van een van *daardie einste Wette* uitgelig: “Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en elkeen wat trou met die vrou wat van haar man geskei is, pleeg egbreuk” (Lukas 16:18).

Reg deur die boek Handeling vind ons dat die geïnspireerde dienaars van God voortdurend die *evangelie van die koninkryk* verkondig het – insluitende *natuurlik, gehoorsaamheid* aan die *Wette* van God. Ons sien in Handeling 8:12 dat Filippus hierdie evangelie verkondig het. Paulus het in Handeling 20:25 gesê dat hy dit aan die heidene in Éfese verkondig het. In Handeling 28:30-31 vind ons dat Paulus voortgegaan het om *dieselfde boodskap* te verkondig tot aan die einde van sy bediening – selfs aan die heidene in Rome.

Hierdie is die *ware evangelie*. Dit is 'n boodskap oor die regering van die Almagtige God oor ons lewens **nou**, ter voorbereiding van ons toetreding tot Sy wêreldregerende koninkryk wat binnekort gaan

kom, wanneer Jesus Christus weer sal kom met goddelike mag en heerlijkheid as Koning van konings en Here van here. En, aangesien God se koninkryk ook **Wette** het, is dit 'n boodskap van *oorgawe* en *gehoorsaamheid* aan die *Wette* en regering van God.

Om u voor te berei vir daardie koninkryk, moet u allereers *berou tot bekering hê oor u sondige weë*. U moet u afkeer van **sonde**, *wat die oortreding van God se geestelike Wet, soos vervat in die Tien Gebooie, is* (1 Johannes 3:4) en die ware evangelie *glo*. Dan is daar ook 'n volgende noodsaaklike stap wat u moet neem: *Die waterdoop*.

Waterdoop is absoluut noodsaaklik

Na algehele *bekering* en *geloof* in die ware evangelie, is *waterdoop* die volgende noodsaaklike stap wat u moet neem om werklik bekeerd te wees en God se Heilige Gees te ontvang. In werklikheid is dit 'n **toets** *van u ware berou en gewilligheid om God te gehoorsaam*.

Jesus Christus het Sy dissipels beveel: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo *en hom laat doop*, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:15-16).

Jesus het **presies** bedoel wat Hy gesê het!

In Sy afskeidsopdrag sê Jesus: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en **doop** hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige

Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Mattheüs 28:19).

In Petrus se geïnspireerde preek op Pinkster, het hy uitgeroep: "**Bekeer julle**, en laat elkeen van julle **gedoop word** in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).

Let daarop dat God *slegs* die **gawe** van die Heilige Gees belowe op voorwaarde dat u berou tot *bekering* ervaar en *gedoop word*. Later het Petrus gepraat van die "Heilige Gees wat God gegee het aan die wat Hom **gehoorsaam** is" (Handelinge 5:32). U behoort te **doen** wat God sê. U behoort u te *bekeer en gedoop* te word, of u sal nooit God se Heilige Gees ontvang nie.

Daar is geen ander manier nie!

Die apostel Paulus stel dit so: "Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie" (Romeine 8:9). Met ander woorde, tensy u ten volle *bekeerd* is van u sondes en na God gekom het deur Jesus Christus as u persoonlike Saligmaker, *gedoop* is soos Hy beveel het, dan is u **nie** van Christus nie – dan behoort u **nie** aan Hom nie. Derhalwe is u **nie** 'n Christen in God se oë – en was dit nog nooit en sal dit nooit wees nie – **tensy** u uiteindelik gewillig is om u lewe *oor te gee* aan God die Vader; en Jesus Christus nie slegs te aanvaar as u enigste Redder nie, maar ook as u

Hoëpriester, u toekomstige Koning, u **regeerder** aan wie u **gehoorsaam** sal wees deur *alle ewigheid* heen!

God se Gees is die werklike *aard* en *lewe* van God, waardeur ons Sy verwekte kinders kan word. Sy Gees help ons om tot volwassenheid te groei in 'n Christelike karakter. Wat bring dit vir ons mee? "Maar die vrug van die Gees is *liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing*. Teen sulke dinge is die wet nie" (Galasiërs 5:22-23).

Die Heilige Gees gee aan ons *oorwinning oor onself, selfdiscipline en selfbeheersing*. Deur dit word God se **liefde** in ons harte uitgestort (Romeine 5:5). Die Heilige Gees vorm ons tot die beeld van God (Romeine 8:29; 2 Korinthiërs 3:18).

U het God se Gees **nodig**. U het Sy *leiding en beskerming nodig*.

Dit is egter 'n ontsaglike besluit om uself heelhartig aan God oor te gee – om volgens elke woord van Hom *te leef* en Hom regdeur die ewigheid heen te **gehoorsaam**. So 'n besluit moet **nie** ligtelik geneem word nie.

Doop behels 'n lewensbelangrike besluit

Die doop simboliseer die *dood* en *begraving* van ons ou, sondige self en ons *oprysing* uit die watergraf na 'n *nuwe, veranderde, bekeerde lewe*. Dit simboliseer ook Jesus se dood en begraving om vir ons sondes te betaal en Sy opstanding as die eersgeborene uit die dood.

Die apostel Paulus skryf: “Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, *ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel*” (Romeine 6:3-4).

U besluit om gedoop te word hang af van u gewilligheid om u wil en u lewe, deur Jesus Christus as u Verlosser, *heeltemal aan God oor te gee*. Hy het die *straf* vir u sondes van die verlede betaal. Wanneer u egter die *waarheid ken*, mag u *nie langer willens en wetens* doen wat u *weet* sonde is nie en dan verwag dat God in Sy goedertierenheid u sal vergewe sonder dat u waaragtige berou oor u sonde het nie.

God *regeer* deur Sy *Wet!* “Onderhou die gebooie”, het Jesus gesê.

Paulus skryf: “Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe” (Romeine 6:16).

Wanneer u moet *kies* tussen navoring van die weë van u vriende en familie, of om *gehoorsaam* te wees aan wat u

gevind het *God se wil* is – watter weg gaan u volg? Gaan u die maklike uitweg kies en die *mense volg*? *Dien* u en gevolglik *aanbid* u die weë van die mense meer as God se weë?

Moet uself nie om die bos lei nie! U kan God *nooit* flous nie!

Wanneer u enige nuwe *waarhede* geleer het in die bladsye van hierdie tydskrif, in die *Tomorrow's World* beeldsendings, of deur u eie persoonlike Bybelstudie, *handel* u daarvolgens in u lewe – *gehoorsaam* u dit – of *verwerp* u dit omdat dit teenstrydig is met wat u *kerk* of u besondere *gemeenskap* glo en doen?

Is u soos die Fariseërs wat Christus verwerp het omdat “hulle ... die eer van die *mense* meer liefgehad [het] as die eer van God” (Johannes 12:43)? God lyk vir sommige mense so *ver weg*, en hulle vriende skyn so *naby* en *belangrik* te wees. Watter een aanbid u? Wie *gehoorsaam* u?

Indien u u werk moet prysgee – *u enigste bron van inkomste* – ten einde 'n faset van die *waarheid* wat u in God se woord ontdek het, te gehoorsaam, *sal u dit doen*? Sal u *geloof* beoefen, soos Jesus gedoen het, en vertrou op God se veelvuldige beloftes om “elke behoefte van julle [te] vervul” (Filippense 4:19)? Sal u God aanbid – of *Mammon*?

Hierdie vrae is op *u* van toepassing!

Maak seker van u besluit

Indien u nog enige vrae het oor die doop, skryf dan dadelik en bestel ons *gratis* boekie, *Behoort u Gedoop te word?* Hierdie boekie sal die baie vrae wat u mag hê, beantwoord.

Die besluit om gedoop te word is egter *u eie*. Indien u voel dat u gereed is om 'n *onvoorwaardelike oorgawe* aan God te maak, deur middel van Sy Seun as u persoonlike Redder, stuur dan aan ons 'n *e-pos* of *skryf* aan ons en vertel ons dat u gedoop wil word. U sal die adres vind op bladsy 2 van hierdie tydskrif, of andersins kan u ons bel of kontak deur ons Webtuiste, www.wvm.co.za. Een van ons verteenwoordigers sal u dan nader en reël om u te ontmoet op 'n plek en tyd wat vir u *gerieflik* sal wees. Ons het in die meeste dele van die wêreld dienaars wat met u kan beraadslaag en diegene dan te doop wat gereed is om gehoor te gee aan hierdie bevel van God. *Moet dus nie uitstel nie!*

U het redding nodig! U behoort egter heeltemal daarvan *oortuig* te wees dat u gewillig is om ú deel te doen en *uself* aan God *oor te gee*. Dan kan u verseker wees dat Hy aan u Sy *seëninge*, Sy *beskerming* en Sy *reddings* sal skenk! **WVM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Godsdiens in die spervuur

Deur Douglas S. Winnail

Wat is die werklike betekenis van die huidige aanval op God en godsdiens deur strydvlugtige ateïste? Waarheen lei dit?

Gedurende die afgelope paar jaar het 'n handjievol ateïste 'n frontaanval geloods op God en godsdiens – veral teen die Christendom en die Bybel. Hulle doelbewuste aanval op godsdienstige geloof is merkwaardig omdat dit die lesse van die geskiedenis en die ontdekkings van die moderne wetenskap ignoreer! Die doelbewuste uitdagende boeke deur 'n dierkundige van Oxford, Richard Dawkins, en die Amerikaanse skrywer Sam Harris, het die duidelike boodskap, “enigiets is toelaatbaar, anti-godsdienslike polemieë is daarop uit om elke verskynsel van geloof uit te wis” (*Christian Science Monitor*, 4 Januarie 2007). Dawkins, 'n toegewyde dissipel van Darwinistiese ewolusie, is al die “hoëpriester van moderne ateïsme” genoem. Hy verklaar dat hy “God, alle gode, enigiets en alles wat bonatuurlik is, wat ook al en waar ook al dit was of nog uitgedink gaan word, aanval” (*The God Delusion*, bl. 36). Harris verklaar op dieselfde trant: “Ek het ten doel om die intellektuele en morele verwaandheid van Christendom uit te wis” (*Letter to a Christian Nation*, bl. ix).

Dit is egter verstommend

dat, terwyl hierdie skrywers desperaat die vlag van ateïsme rondswaai en daarop aanspraak maak dat geloof in materialisme en ewolusie die enigste rasonale gevolgtrekking is vir enige denkende mens, ons tans 'n wêreldwye oplewing in godsdiensbelangstelling en aktiwiteit sien! Die verskynsel van sodanige doelbewuste aanvalle op die God van die Bybel – in 'n tyd van toenemende geweld op die wêreldtoneel, toenemende kommer oor die planeet se klimaatsveranderinge en die wêreldwye oplewing van godsdienstige aktiwiteit – is veelseggend op allerlei wyses, wat min mense besef. Die Bybel werp meer lig en verduidelik wat onderliggend is aan die oplewing in godsdiens en die skeptiese aanvalle op God, Christendom en die Bybel – en waarheen dit lei. Voordat u misleidende idees en argumente aanvaar, moet u verstaan waarom hierdie kwessies vandag opduik!

Ongegronde idees

Moderne ateïste bevorder graag die idee dat hulle anti-godsdienslike sienswyses wetenskaplik en intellektueel volwasse is en gebaseer is op soliede, onbetwisbare bewyse.

Vanuitso 'n veronderstelling sou 'n mens verwag dat hulle boeke oorlaai sou wees met feite en onweerlegbare inligting wat met groot omsigtigheid aangebied word. In plaas daarvan word lesers gepeper met 'n konstante stroom ongegronde aannames, onbevestigde verklarings, vals inligting, ouderwetse argumente, gewaagde veronderstellings, openlike bespottings en foutiewe gevolgtrekkings. Dawkins beaam Sigmund Freud se mening wat godsdiens beskou het as 'n illusie, 'n kinderagtige misleiding en 'n soort geestelike versteurdheid. Verder beaam hy Karl Marx se opinie wat godsdiens beskryf het as “die opium van die gewone mens”. Daarom beskou Dawkins geloof in 'n bonatuurlike god as “misleidend”, en beskryf hy godsdiens as “die algemeenste vorm van bygelowigheid” en as “'n virus van die denke” (Dawkins, bll. 5, 15, 67, 186). Ouers wat hulle kinders leer van God is volgens Dawkins, skuldig aan breinspoeling en kindermishandeling! Hy voer aan, soos ander ateïste: “Diegene wat in God glo is dus oneerlik, mislei, of onnosel” omdat hulle 'n “idiotiese Middeleeuse bygeloof volg”.

Dawkins se boek *The God Delusion* word aangeskryf as “skrande ... dapper ... verfrissend ... verpletter pogings van godsdiensteleiers om die bestaan van God te bewys”. Maar, by nadere en kritiese ondersoek, blyk die ammunisie wat Dawkins gebruik teen godsdiensteleiers en geloof in God bloot “rubberkoeëls” te wees wat afgevuur word deur akademici in hulle ivoortorings – wat 'n swak begrip het van die onderwerp wat hulle aanval. Altemit is die “godslasteringuitdaging” wat die huidige ateïstiese aanval kenmerk en geloods word teen jongmense, die astantste poging nog in swak smaak. 'n Internetgroep nooi jongmense uit om “video's te maak waarin hulle geloof in die 'hemelgod van die Christendom' verwerp en dit dan op die webblad laai” om te dien as 'n manier vir mense om hulle ongeloof te verkondig en ander mense so aan te moedig om dit ook te doen” (*Christian Science Monitor*, 4 Januarie 2007).

“Teologie-uitdagende” skrywers

Talle kritici bevraagteken die argumente en inligting wat die aggressiewe ateïs-skrywers aanbied. Alister McGrath is 'n professor in Geskiedkundige Teologie aan die Universiteit van Oxford en 'n wêreldbekende teoloog wat ook 'n doktorsgraad in molekulêre biofisika verwerf het. Hy skryf: “Om dit reguit te stel, Dawkins se betrokkenheid by teologie is oppervlakkig en vol foute, dikwels is dit bloot 'n

kleinlike poging om punte te wen” (*Dawkins' God*, bl. 83). McGrath bestempel Dawkins se definisie van geloof, naamlik “blinde vertrouwe in die afwesigheid van bewyse”, as *totale snert* omdat dit slegs “Dawkins se eie definisie is, wat hy opdis met sy eie agenda in gedagte” (*ibid.*, bl. 85). Harris is 'n voorstander van soortgelyke idees oor die “onnoselheid” van godsdienstige geloof. McGrath gee dan 'n definisie van geloof wat deur teoloë aanvaar word: “Die oortuiging van die denke gebaseer op voldoende bewyse” (*ibid.*, bl. 86). Dit sluit aan by die Bybelse definisie van geloof: “Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie” (Hebreërs 11:1). Ware geloof is nie blinde geloof nie – dit is geloof wat gebaseer is op grondige bewyse! McGrath kritiseer Dawkins as iemand “wat niks weet van die Christelike teologie nie maar kop-eerste daarin storm ... Dawkins faal geheel en al daarin om selfs te begin verstaan wat die Christelike teologie se taalgebruik bedoel” (*Dawkins' God*, bl. 99). Dieselfde kritiek is van toepassing op andere wat die moderne aanval loods op God, godsdiensteleiers en die Bybel – hulle verstaan eenvoudig nie die onderwerp wat hulle probeer aanval nie!

Dawkins gebruik dikwels belaglikhede in sy pogings om te bewys dat daar geen God is nie. Hy beweer dat die bestaan van God so werklik is as “die

tandemuis” of “die tokkelossie” (vgl. Dawkins, bl. 52-53). Op sy oordadige en oneerbiedige manier voer Dawkins aan: “Die God van die Ou Testament is ongetwyfeld die onaangenaamste karakter in alle fiksie: Jaloers en trots daarop; 'n kleinlike, onvergewensgende kontroleboef; 'n wraaksugtige, bloeddorstige etniese suiweraar ... homofobies, rassisties ... kwaadwillige boelie ... psigotiese misdadiger ... die monster van die Bybel” (*ibid.*, bl. 31, 38, 45). Hierdie hatige kritiek, *weerlê egter glad nie* die bestaan van God nie. Inteendeel, die feit word nie raakgesien hoe die God van die Bybel die mens eintlik uitdaag om te bewys dat Hy wel bestaan nie (sien Maleagi 3:8-10). Terwyl Dawkins aanvoer dat baie van die tradisionele “bewyse” van God swak is, is sy eie argumente dikwels sonder substansie. Ongelukkig aanvaar of verwerp baie mense vandag die idee van God sonder om indringend ondersoek in te stel na enige bewyse.

Die ateïstiese aanval op die Bybel toon 'n onvermoë om die Skrif te verstaan en 'n onkunde oor geskiedkundige bewyse. Harris beskou die idee dat die Bybel goddelik geïnspireer is as “vals” en “absurd” (*Letter to a Christian Nation*, bl. 5-8). Hy sien glad nie al die bewyse raak dat die Bybel 'n *algehele unieke teks* is nie. Hy haal voorbeelde aan buite Skriftuurlike konteks en beweer dan dat die Bybel “deurmekaar is en teen-

strydighede bevat" (*ibid.*, bl. 11). Hy sê dat "die Evangelies mekaar weerspreek" (*ibid.*, bl. 58), maar meld glad nie dat verskillende skrywers in die Evangelies eintlik dieselfde gebeure beskryf nie – hulle *vul* mekaar dus in werklikheid *aan*. 'n Mens verwag immers dat verskillende skrywers verskillende besonderhede sal beskryf. Hy maak daarop aanspraak dat die Nuwe-Testamentiese skrywers die gebeure van Jesus se lewe *maak pas* op die profesieë van die Ou-Testament (*ibid.*, bl. 57), maar hy bly in gebreke om te *verduidelik* *waarom* *derduisende Jode Jesus erken* *het* as die vervulling van profesie – insluitend die feit dat Jesus sigbaar uit die dode opgestaan het. Dié aspekte is reeds honderde jare lank in die Skrif vervat (Handelinge 2:22-41).

Harris verwerp die idee dat profesie geïnspireer is omdat die Bybel nie sulke nuwighede soos elektrisiteit en rekenaarsvoorspel nie (*Letter to a Christian Nation*, bl. 60-61), maar hy noem nie hoe die Bybel profetiese beloftes bevat wat die toekoms van Abraham se afstammeling beskryf lank voordat hulle op die toneel verskyn nie. Vir meer inligting oor hierdie belangrike onderwerp kan u gerus ons gratis boekie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* aanvra. Harris laat ook na om te noem dat die gesondheidswette wat Moses opgeteken het, uniek is en ver voor hulle tyd was nie. Harris

toon duidelik sy onkunde rakende vergelykende godsdiens wanneer hy sommer die Bybel onder dieselfde kam skeer as ander godsdiensige boeke wat "voorgee hulle is van goddelike outeurskap" (*Letter to a Christian Nation*, bl. 79), maar hy versuim om te erken hoe die Bybel *verskil* van ander godsdiensige boeke. Harris weet eenvoudig bitter min van die onderwerp wat hy wil verpletter!

Uitgesproke en aggressief beskryf Dawkins se soortgelyke skandalige en ongegronde veronderstellings wat die teenoorgestelde is van bestaande bewyse. Hy voer aan dat die evangelies "antieke fiksie" is, op dieselfde vlak as die legendes van Koning Arthur en sy Ridders van die Ronde Tafel. Hy is van mening dat die Apostels nooit vir Jesus ontmoet het nie, dat Jesus moontlik nooit gelewe het nie en dat Dawid moontlik ook nooit gelewe het nie (Dawkins, bl. 93-97). Dawkins versuim egter om Petrus se aanspraak daarop te noem dat hy en die ander Apostels "ooggetuies" was van die gebeure wat hulle opgeteken het aangaande Jesus se lewe (2 Petrus 1:16), of dat geskiedskrywers in die Romeinse tyd na Jesus verwys het (sien Tacitus, *The Annals*, xv:44; Seutonius, *Life of Claudius*, xxv:4; Josephus, *Antiquities of the Jews*, XVIII.iii.3). Dawkins is blykbaar onbewus van die ontdekking van 'n verwysing uit die negende eeu v.C. na die "huis van Dawid" (*Is*

the Bible True?, Sheler, bl. 60). Dawkins beweer "die evangelies is nie betroubare weergawes van wat in die geskiedenis van die regte wêreld gebeur het nie" en dat "almal geskryf is lank na Jesus se dood" sodat daar "groot onsekerheid" heers oor die tekse van die Nuwe Testament (Dawkins, bl. 92-95).

Dawkins *verkies egter om slegs aan te haal* uit die werk van liberale teoloë wat twyfel oor die Bybel. Hy noem ook nie dat mense en plekke waarna die Bybel verwys reeds dramaties bevestig is deur die geskiedenis en argeologie, of dat die boeke van die Nuwe Testament in die leeftyd van die Apostels geskryf is nie (Sheler, bl. 33; *Baker Encyclopedia of Christian Apologetics*, Geisler, bl. 520). Hy noem verder ook nie dat bewyse uit etlike manuskripte bevestig dat "die teksinhoud van die Bybel waar is ... Dit kan nie gesê word van enige ander antieke boek in die wêreld nie" (*Evidence that Demands a Verdict*, McDowell, bl. 44-45).

Bedrog en verlore bewyse

Agressiewe ateïste is dikwels vinnig om godsdiensige gelowe soos die idee van die vagevuur en die aanname dat die aarde slegs 6 000 jaar oud is, aan te val. Net soos Charles Darwin deins vandag se ateïste ook terug van die idee van 'n god wat die "verdoemende leerstelling" voorstaan waar mense vir ewig brand in die vuur van die Hel (*Dawkins' God*, bl. 74-75). Maar, sodanige "godsdiensige" idees is egter

nie te vinde in die Bybel nie! Terwyl hulle tereg uitwys dat daar swak punte is in mensgemaakte godsdiensleerstellings, faal die ateïste egter daarin om die belangrike foute te erken in hulle eie “heilige” leerstelling, naamlik die teorie van Darwinistiese ewolusie.

Daar is baie sulke foute. Jonathan Wells, met 'n doktorsgraad in godsdiensstudies van die Universiteit van Yale en nog een in molekulêre biologie van die Universiteit van Californië in Berkeley, beskryf in 'n baie insiggewende boek hoe die “hoofbewyse” in ewolusie “op die een of ander wyse die waarheid verdraai”. Wells toon aan dat die meeste van die “oorweldigende bewyse” vir Darwin se teorie van ewolusie “vals of misleidend” is (*Icons of Evolution*, bl. 7-8). Hy verduidelik hoe foutief die eksperimente vir die veronderstelde “oorsprong van lewe” was en dat dit nie naastenby iets soos lewe kon produseer nie. Hy wys verder, in teenstelling met die ewolusieteorie, dat alle lewe vanuit eenvoudige organismes ontwikkel het tot komplekse organismes, dat ware fossiele in die oudste Cambriese rotse toon dat komplekse lewensvorme *skielik ontstaan* het, ten volle gevorm en sonder ewolusievoorouers – dié sogenaamde “Cambriese ontploffing” wat selfs vir Darwin 'n erkende probleem vir sy teorie was (*ibid.*, bl. 35-39).

Wells wys daarop dat Darwin

se idee van 'n “boom van die lewe met sy vertakkings,” wat uitbeeld hoe lewe ontwikkel het van 'n enkele voorouer, vandag grootliks betwyfel word. Hy wys hoe die variasie in die bekstruktuur van Darwin se vinke op die Galapagos Eilande, en die kleure van spikkelmotte in Engeland, eintlik net voorbeelde is van variasies *binne* 'n spesie en nie 'n bewys is dat ewolusie nuwe spesies kan voortbring nie. Wells wys daarop dat paleontoloë nie meer glo *Archaeopteryx* is die voorouer van moderne voëls nie – vroeër is dit beskou as “die byna volmaakte skakel tussen reptiele en voëls” (*ibid.*, bl. 112-114). Wells wys verder hoe 'n *a n d e r s o g e n a a m d e* “ontbrekende skakel” tussen reptiele en voëls – die *Archaeoraptor* fossiel wat uit China gesmokkel is – nou ook ontbloom is as 'n kullery. Wells verduidelik ook verder hoe 'n *a n d e r m o o n t l i k e* “skakel,” genaamd *Bambiraptor*, uitgebeeld is met hare en vere, “maar daar is niks by die fossiel gevind wat naastenby soos vere is nie. Die uitsteeksels soos hare en die vere is bloot verbeelding” (*ibid.*, bl. 126-129). Hy haal 'n voëlkundige aan wat voorspel dat die dinosourus-tot-voël teorie uiteindelik die “grootste verleentheid vir palentologie in die 20ste eeu sal wees” (*ibid.*, bl. 130).

Wells wys ook daarop dat die wyd gepubliseerde tekeninge wat die embrioloog Ernst Haeckel in die 1890's gemaak het – wat Darwin aanvaar het as

oortuigende bewys vir sy ewolusieteorie – deur Haeckel “gedokter” is om ooreenkomste te toon wat nie bestaan nie, en oopgevelek is as “een van die beroemdste vervalsings in biologie” (*ibid.*, bl. 90-92). Wells kom tot die slotsom dat die “ikone” wat veronderstel is om die sterkste bewyse vir ewolusie te wees eintlik “die bewyse verdraai” – en dat sommige daarvan in werklikheid bedrieëry is (*ibid.*, bl. 229).

Ateïste soos Dawkins gryp nogtans Darwin se ewolusie aan omdat dit die enigste manier is waarop hulle kan verduidelik waarom die mens hier is sonder om enige melding te maak van God. Ware aanhangers van Darwinisme weier eenvoudig om enige ander verduideliking te aanvaar waarom die wêreld is soos dit is – ten spyte van die bewyse, of gebrek aan bewyse. Dit is waarom Darwinisme beskou word as “die grootste werktuig van ateïsme wat die mens uitgedink het”. Tog wys ateïsme, en die Darwinistiese ewolusie waarop dit gegrond is, albei belangrike tekortkominge uit aan diegene wat die bewyse noukeurig ondersoek.

Krisis van betekenis en doel

Die teologiese geskiedkundige, McGrath, skryf dat een van Darwinisme se belangrikste gevolge is dat “die ewolusieteorie 'n goddelose, doellose wêreld” veroorsaak (*The Twilight of Atheism*, bl. 108). In Dawkins se eie woorde: “Ná Darwin is daar geen nodigheid om in God te glo nie”

en in 'n Darwinistiese wêreld “is daar ... geen beplanning, geen doel, geen boosheid en geen goed nie, niks, behalwe blinde, jammerlike onverskilligheid” (*Dawkins' God*, bl. 50-51). Darwinisme stel dit dat mense bloot diere is, ongelukke is van die ewolusionêre proses met geen hoër doel as teelkeuse – oorlewing van die sterkste en fikste – nie. McGrath sê: “As daar geen God is nie ... dan is daar geen absolute waardes en waarheid nie ... geen sonde nie ... geen oordeel van sondes nie” en dus geen perke op die mens se optrede nie en geen verantwoordbaarheid nie (*ibid.*, bl. 151, 153). Deur te beweer dat die menslike bestaan geen betekenis of doel het nie en deur absolute waardes te ontken, is die ateïste voorstanders van die idee van bevryding van beperkende sedelike stelsels wat indruis teen seksuele vryhede en mense die reg gee om self te besluit wat goed is (*ibid.*, bl. 152). Maar, die nugter lesse van die afgelope twee honderd jaar se geskiedenis is dat “om God uit die prentjie te laat, is om die laaste bande te breek wat die mens weerhou van onmenslikheid” (*ibid.*, bl. 149).

Teenstrydig met die verwagtings van sekulêre denkers het die laaste helfte van die 20ste eeu die “skemertyd” vir ateïstiese beheer ingelei. Die goddelose idees van Darwin, Marx en Freud – wat Dawkins, Harris en ander ateïste ondersteun – het onder

ongunstige kritiek gekom. Dit was nie net die ondergang van “die groot ateïstiese messias-ideologie” van kommunisme nie, maar godsdiens in die Sovjet Unie en Oos-Europa het verseg om dood te gaan (*The Revenge of God*, Kepler, bl. 191). Vandag sien ons 'n oplewing van “herverchristelikende” bewegings wat ontstaan uit die ruïnes van kommunisme – 'n groot skok vir sekulêre intellektuele. Toenemende getalle mense is ontnugter deur die bleek, doellose, toevallige, ateïstiese sekulêre wêreld van die 20ste eeu, en begin hulle weereens wend na godsdiens om 'n gevoel van betekenis, etiek en orde te herwin (*ibid.*, bl. 47). Soos meer as een deskundige dit stel: “Mense het nodig om betekenis en doel in die lewe te vind” (*New York Times*, 21 November 2006).

Profetiese belangrikheid

Baie mense wat die Bybel bestudeer, is bewus dat profesieë oor die eindtyd 'n periode beskryf van toenemende kommer oor oorlog, geweld, natuurlike rampe en globale omgewingsrampe – wat ons wêreld van vandag baie goed beskryf (Mattheus 24). Daar is egter ook profesieë vir die eindtyd wat lasteraanvalle op God en die Bybel só voorspel: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees ... grootpraters, trotsaards, lasteraars ...

kwaadsprekers ... roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God” (2 Timoteus 3:1-4). Ons kan sodanige Bybelbeskrywing herken in Dawkins se verwysing na God as 'n “tandemuis ... psigotiese misdadiger .. die monster van die Bybel”. Harris beweer dat ons nie die sedelike riglyne van die Bybel nodig het nie, en dat ons “eie soeke na geluk” 'n genoegsame riglyn is vir moraliteit (*Letter to a Christian Nation*, bl. 23-25). Die apostel Petrus waarsku dat “... daar aan die einde van die dae spotters sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms?” (2 Petrus 3:3-4). Dawkins spot met die idee van God. Harris verkleineer die idee van Jesus se geboorte deur 'n maagd en Sy opstanding en maak dan dié interessante stelling: “As die grondleggende beginsels van die Christendom waar is, dan is daar 'n paar skrikwekkende verrassings wat wag op ongelowiges soos ek” (*Letter to a Christian Nation*, bl. 5). Vandag, in ons “verligte” en “intellektueel gesofistikeerde” wêreld beskou baie mense homoseksuele en huwelike tussen mense van dieselfde geslag as “goed” en bespot enigiemand wat Bybelse sedes aanmoedig of navolg. Tog waarsku die Bybel: “Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg ... Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is ... omdat hulle die wet van die HERE van die leërskare verwerp

Vervolg op bladsy 26

Vaderlose gesinne?

Deur Rod McNair

Sal die “goeie gesinsman” binnekort uitsterf?

Miljoene gesinne sal hierdie jaar weer Vadersdag vier. Die Verenigde State en Suid-Afrika is van die vele lande wat hierdie gewilde dag jaarliks vier. Van die ander lande hou Vadersdag op ander datums; Indië vier dit op die eerste Sondag van Junie en verskeie Europese lande (insluitend Italië, Portugal en Spanje) vier dit op 19 Maart. In Australië en Nieu-Seeland val Vadersdag op die eerste Sondag in September.

Telkens wanneer ons hierdie dag waarop vaders vereer word nader, behoort ons te vra: Wat is die status van “vaderskap”? Het dit nog enige betekenis in vandag se samelewing?

Ware vaderskap is nie net die biologiese vermoë om kinders te verwek nie. In-vitro-bevrugting kan dit regkry sonder dat enige pa teenwoordig is. Ware vaderskap behels 'n vader *in die huis* wat sy kinders opvoed en liefhet binne die verband van 'n toegewyde huweliks-verhouding. Volgens daardie beskrywing is vaderskap in die VSA (net soos in Suid-Afrika) op die laagste vlak ooit. Volgens die Desember 2006 statistiek van die Sentra vir Siektebeheer in die VSA, is bykans 40 persent van geboortes in dié land tans buite-egtelik. In sommige Europese lande is die syfer selfs hoër – 41 persent in Frankryk,

rondom 50 persent in Noorweë en 62 persent in Ysland (en niks beter in Suid-Afrika nie) (*Daily Policy Digest*, 27 Maart 2002).

Wat die probleem erger maak, is dat die VSA die tweede hoogste egskeidingsyfer in die wêreld het. Getroude paartjies het onlangs vir die eerste keer in die *minderheid* geraak en maak nou slegs 49,7 persent uit van huishoudings met kinders.

Gekose vaderloosheid

Ouer enkelmoeders *verkies* al hoe meer om swanger te raak sonder 'n eggenoot. Een 31-jarige enkelmoeder het, toe sy swanger geraak het, opgemerk “dit maak nie saak dat ek nie 'n man het nie, want ek het geweet dat ek dit op my eie sal kan doen”. Een enkelmoeder het gesê dat haar 9-jarige dogtertjie “soms huil omdat sy nie haar pa naby haar het nie, maar ons praat daarvoor ... ek voel soms wel skuldig, maar ons laat nie toe dat dit ons onderkry nie” (*Monterey Herald*, 25 Desember 2006).

Wat van die uitwerking op kinders? Kay Hymowitz, 'n senior genoot aan die Manhattan Instituut, sê: “Kinders wat deur enkelmoeders grootgemaak word, het 'n groter kans op armoede, emosionele probleme, om te druipe op skool ... Saamwoon-ouers openbaar

nie presies dieselfde probleme nie; ook nie stiefouers nie. Die huwelik dra 'n hele stel boodskappe saam oor oor hoe om te leef, dit wat verenigbaar is met middelklas lewe in hierdie land” (*ibid.*).

Volgens skrywer Dawid Blankenhorn is buite-egtelike swangerskappe en egskeiding so algemeen dat “meer as die helfte van Amerika se kinders sal, voordat hulle die ouderdom van 18 bereik, waarskynlik 'n beduidende deel van hul kinderdae weg van hul vaders leef” (*Fatherless America*, bl. 1). Toe hulle egskeidings bestudeer het, het navorsers Paul Amato en Alan Booth tot die slotsom gekom dat “hoogstens een derde van huwelike so ellendig is dat kinders moontlik by 'n egskeiding sal kan baat. Die oorblywende getal, ongeveer 70 persent, behels lae-konflik huwelike wat die kinders klaarblyklik veel minder skade kan berokken as die werklikheid van egskeiding” (“Two parents, even unhappy, are better” *Today*, 7 Januarie 1998).

In *Bringing Up Boys* wys sielkundige James Dobson daarop dat ondanks sodanige bewyse, sommige mense nie net glo dat vaders onnodig is nie, maar dat die instelling van vaderskap skadelik is vir gesinne (bl. 65). Hy haal Carl

Auerbach en Louise Silverstein, skrywers van *Deconstructing the Essential Father* aan, asook Karla Mantilla, 'n radikale feminisskryfster wat gesê het: “Ek is hoogs wantrouig oor die ... noodsaaklikheid dat kinders 'n manlike rolmodel moet hê ... Die propaganda dat kinders, veral seuns, vaders nodig het, het volgens my mening, oneindig bygedra tot die ellende van kinders wêreldwyd” (*ibid.*).

Oorsprong van vaderlike konflik

Sommige mense glo verkeerdelik dat Jesus Christus aarde toe gekom het as teenvoeter vir 'n wrede “Vaderfiguur”-God. Hulle faal om te sien dat Jesus slegs diepe eerbied, respek en liefde aan Sy Vader getoon het. Hy sê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie ... Want die Vader het die Seun lief ... Ek [soek] nie my wil ... nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het” (Johannes 5:19-20, 30). In Johannes 14:28 sê Jesus dat Sy Vader groter is as Hy, in amp sowel as in gesag. Hy sê dat Hy aarde toe gekom het om die Vader te verklaar en bekend te maak (Johannes 1:18).

Christus leer ons dat ons tot “onse Vader wat in die hemele is” moet bid, dat ons Hom moet aanbid en Hom moet liefhê (Mattheus 6:9). Hy sê: “Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier [Sy dissipels] het erken dat U My

gestuur het. En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees” (Johannes 17:25-26). Jesus, as ons persoonlike Saligmaker en Ouer Broer, leer ons om Sy – en ons – hemelse Vader ook so lief te hê!

Nogtans deins baie mense steeds terug van vaderskap, hetsy in die gesin of in godsdienste. “Bedink hierdie dilemma van 'n vader se mag. Dit is 'n fundamentele menslike probleem wat psigies en kulture vorm. Die antropoloog Weston La Barre, byvoorbeeld, kom in sy soeke na die oorsprong van godsdienste, tot die slotsom dat die 'smart' wat veroorsaak word deur vaderlike gesag 'die oorsprong van godsdienste is' en die 'geheim is van wie ons is ...' Kortom, antagonisme teenoor vaderlike gesag blyk saam te gaan met vaderskap en wat dit behels” (Blankenhorn, bl. 93).

'n Paar jaar gelede het 'n maatskappy wat groetekaartjies vervaardig, 'n spesiale Moedersdagprogram vir staatsgevangenes van stapel gestuur. Gevangenes het 'n gratis kaartjie, posgeld betaal, ontvang om op Moedersdag aan hul moeders te stuur. Die reaksie was oorweldigend! Die rye was so lank dat verteenwoordigers moes teruggaan fabriek toe om nog kaartjies te gaan haal. Die program was so suksesvol dat die maatskappy besluit het om op Vadersdag terug te gaan. Wat het op Vadersdag gebeur? Niks. Daar was geen rye nie. *Nie 'n enkele gevangene wou aan sy*

vader 'n kaartjie stuur nie. 'n Liefdevolle verhouding met 'n vader het waarlik 'n diepgaande uitwerking op 'n mens se lewe. Ook is die gebrek aan 'n betrokke, aktiewe vader, 'n beslissende faktor in gedrag wat skeef geloop het (Dobson, bl. 60).

Waar het antagonisme teenoor vaderskap sy oorsprong gehad? In die verre verlede, voordat die mensdom geskape is, het die aartsengel Lucifer teen God, ons Vader in die hemel, in opstand gekom. Ons lees: “Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester [Lucifer], seun van die dageraad! ... En jý het in jou hart gesê: ... Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, *my gelykstel met die Allerhoogste!*” (Jesaja 14:12-14). Lucifer het Satan geword, en as Satan het hy sy rebelse gesindheid aan Adam en Eva oorgedra in die tuin van Eden (Genesis 3:5). Daar die selfde gees van rebelsheid teen gesag – selfs die gesag van ons hemelse Vader – is aan die ganse mensdom oorgedra en die gevolg daarvan is sonde (Romeine 3:23).

Die menslike aard is van nature teen gesag – hetsy die vader van 'n gesin of die Vaderfiguur van God (Romeine 8:7). “Meer nog as die band tussen moeder en kind, is die band tussen vader en kind gereeld gelaai met afsydigheid, spanning en selfs vyandigheid, wat alles, of ten minste gedeeltelik, voortspruit uit die tipiese kenmerkende konteks van vaderlike gesag ... die vader se mag, as algemene

antropologiese proposisie, is meer botsend as dié van die moeder; meer op reëls ingestel, meer emosioneel afsydig, meer aggressief ... Baie van hierdie spanning het sy oorsprong in die feit dat die kind na *gesag hunker sowel as dit verpes. So is 'n kultuur ook*" (Blankenhorn, bl. 93).

Is vaderskap 'n geldige verskoning vir mishandelende gedrag? Natuurlik nie! Geweld teen vroue en kinders is 'n gruwelike en tragiese misdaad. Wanneer misdadige gedrag voorkom, behoort vrouens en kinders stappe te neem om hulself te beskerm. Dit is egter verkeerd om te glo, soos sommige mense wel glo, dat die *rol van vaderskap self* geweld teen vroue verhoog. Trouens, bewyse van die Nasionale Misdaad Viktimisasie-opname toon 'n ses keer hoër waarskynlikheid dat kêrels en gewese mans – dus ongetroude mans – eerder as getroude mans, geweld teen vroue sal pleeg (*ibid.*, bl. 35). Dit is duidelik dat wanneer mans getroud is, die risiko van mishandeling dramaties kleiner is. God verleen 'n mandaat aan die vader om die hoof van die huis te wees (Efesiërs 5:23), maar sy rol van leierskap moet in liefde en welwillendheid uitgeoefen word (vers 25).

Die Bybel toon vier duidelike rolle wat bedoel is om deur vaders vervul te word. Ons kan ook sien dat hierdie rolle deur ons geestelike Vader in die hemel vervul word. Wat is hierdie rolle?

Vaders voorsien

Toe God Adam en Eva uit die tuin verdryf het, was dit Adam se rol om kos vir die gesin te voorsien (Genesis 3:17-19). Die apostel Paulus het ons geleer dat dit vroue en moeders se primêre verantwoordelikheid was om die bestuurders van die huis te wees (Titus 2:5; 1 Timotheüs 5:14). Vandag skok hierdie Skrifgedeeltes mense en stel hulle in die verleentheid, maar dit beskryf basiese Bybelse rolle.

Trouens, wanneer mans wegstroom van hul rol om te voorsien, veroorsaak hulle ongekende lyding. Skrywer Aubrey Andelin beskryf die reaksie van 'n vrou wie se man 'n goedbetaalde werk bedank het vir 'n ander werk wat hom gelukkiger gemaak het, maar waar hy net vier ure per dag gewerk het. "Dit lyk of [my man] nie omgee of hy vir ons sorg of nie ... ons is desperaat vir geld. Ons woon al die afgelope sewe maande by sy ouers en daar is geen hoop in sig dat ons moontlik ons eie plek sal kan kry om in te woon nie. Ek verloor alle respek vir my man en sonder respek is daar nie ware liefde nie" (*Man of Steel and Velvet*, bl. 78). Ja, 'n man se begeerte en opregte poging om vir sy gesinslede te sorg, is noodsaaklik indien hy hulle respek wil behou.

Soms is dit natuurlik onmoontlik vir 'n man om vir sy gesin te kan sorg. Soms *moet* 'n vrou die rol van "primêre broodwinner" inneem, maar die

algemene Bybelse beginsel is dat 'n man vir sy eie gesin moet sorg (1 Timotheüs 5:8).

Voorsien God, as ons Vader, vir Sy kinders? Natuurlik! Hy stuur die sonlig en reën aan almal (Mattheüs 5:45). God voorsien spesiaal brood op die tafel van diegene wat Hom eer en liefhet, sodat hulle "in dae van hongersnood ... versadig [sal] word" (Psalm 37:19). Dawid skryf: "Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag [kinders] brood soek nie" (Psalm 37:25). Jesus leer Sy dissipels om hul Vader in die hemel te vra "gee ons vandag ons daaglikse brood" (Mattheüs 6:11) en dat God graag "goeie dinge gee aan die wat Hom bid" (Mattheüs 7:11). Laat ons opsien na ons geestelike Vader vir ons voedsel en behoeftes en laat ons die Bybelse rol van fisiese vaders hoog hou om hier op aarde dieselfde te doen.

Vaders beskerm

God het bestem dat vaders hul vroue en kinders moet beskerm. Mans is oor die algemeen groter en sterker as vrouens – ideaal vir die rol van beskermer en voorsiener. Hul groter bou en sterker spiere is ontwerp om hul te help om vir 'n vrou en kinders te sorg – nie om hulle te mishandel en te terroriseer nie.

Nie so lank gelede nie het die samelewing dit as vanselfsprekend aanvaar dat dit 'n vader se rol is om sy dogters te beskerm teen seuns se

ongesonde toenadering. Meg Meeker beskryf haar pa soos volg: “My pa het my verbete beskerm, tot so 'n mate dat ek byna te skaam was om met iemand uit te gaan... Maar hy het my beskerm, nie teen roofsugtige seuns of monsters nie, maar teen myself. Ek was jonk en het mense te maklik vertrou en hy het dit geweet lank voordat ek dit besef het” (*Strong Fathers, Strong Daughters*, bl. 3).

Deesdae sien ons onbeheerde bendegeweld in gemeenskappe waar vaders grootliks afwesig is in hul kinders se lewens. “Buurte sonder vaders is buurte sonder mans wat in staat en bereid is om dwalende jeugdige vas te vat, dreigende bendes te verjaag en vaders wat oortree, aan te spreek ... die afwesigheid van vaders ... ontnem die gemeenskap van daardie klein pelotons wat informeel, maar dikwels met doeltreffendheid, die seuns op straat beheer het” (Blankenhorn, bl. 31).

Sien ons hemelse Vader na ons om? Die Bybel is vol voorbeelde van die beskerming wat ons Vader aan ons bied – veral in die Psalms. Selfs met saligmaking self – om ons van die uiteindelijke vernietiging van die dood te red – beskerm God Sy kinders (1 Korinthiërs 15:57). God het ons lief, selfs tot op die punt waar Hy Sy Seun vir ons lewens opgeoffer het (Johannes 3:16).

Indien u God se beskerming in u lewe na waarde skat, moet u Hom waardeur en dankbaar

wees vir die soortgelyke rol wat Hy vir vaders op aarde ingestel het.

Vaders onderrig

God het ook aan vaders 'n unieke rol in die opvoeding van hul kinders gegee. Die woord “dissipline” het nie oorspronklik straf beteken nie; dit het *onderrig* beteken. Net 'n paar honderd jaar gelede, in koloniale Amerika, het vaders “die finale verantwoordelikheid gehad van die versorging en welsyn van hul kinders ... vaders het die primêre verantwoordelikheid aanvaar van dit wat as die heel belangrikste ouerlike taak bestempel is: Die godsdienstige en sedelike opvoeding van die jeug”. Namate die industriële revolusie mans uit die huishoudelike ekonomie verwyder het, het vroue die primêre invloed in die huis geword. Hierdie verskuiwing was een van die “bepalende eienskappe van die Amerikaanse huishoudelike lewe sedert die 1840's” (Blankenhorn, bl. 237).

Moeders is oor die algemeen beter toegerus om spesiale aandag te skenk aan hul kinders se onmiddellike fisiese en emosionele behoeftes. Vaders is aan die ander kant tipies meer besorg oor karaktergroei as oor die vervulling van onmiddellike emosionele behoeftes. Die Skrif herinner ons: “Tugtig jou seun, want daar is hoop; maar laat dit nie in jou opkom om hom dood te maak nie” (Spreuke 19:18). Beide moeder en vader is nodig om gesonde kinders groot te

maak, want hulle komplimenteer en balanseer mekaar. Skrywer Tim Russert onthou: “Hoewel Vader se dissiplinêre taktiek selde op daardie tydstip deur sy kinders waardeur word, sou ek hierdie hele boek kon vul met dankbare getuïenisse van seuns en dogters wat jare gelede aan die ontvangkant daarvan was” (*Wisdom of our Fathers*, bl. 223).

Dissipline beteken **egter nie** om in woede te straf nie. Paulus skryf: “Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie” (Kolossense 3:21). Tesame met onderrig, verg dit weldeurdagte, bestendige en ferm dissipline – “vermaning” en “bemoediging” – wat nodig is vir vaders wat kinders moet opvoed “in die tug en vermaning van die Here” (Efesiërs 6:4; 1 Thessaloniense 2:11).

God, ons Vader, het 'n program vir karakterontwikkeling vir ons saamgestel. Soms behels dit beproewings en toetse (Jeremia 17:10), vir ons uiteindelijke beswil. Ons word vertel: “ ... My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy *liefhê* ... Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad ... Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons Sy heiligheid kan deelagtig word” (Hebreërs 12:5-7, 9-10). Indien ons in Sy Koninkryk wil wees, moet ons groei en verander. God ons

Het seuns 'n vader nodig?

* Die Nasionale Sentrum vir Kinders in Armoede berig dat die moontlikheid vir vaderlose seuns tweemaal so groot is om skool te verlaat of in die tronk te beland, en byna viermaal so groot is dat hulle behandeling sal moet ontvang vir emosionele of gedragsprobleme.

* Dr William Pollock, 'n psigiater in Harvard, en skrywer van *Real Boys*, beweer dat egskeiding moeilik is vir kinders van beide geslagte, maar dat dit vernietigend is vir seuns. Volgens hom is die basiese probleem die gebrek aan toesig en dissipline tydens die vader se afwesigheid en dat hy nie beskikbaar is om hul te leer wat dit beteken om 'n man te wees nie. Pollock glo ook dat vaders 'n beslissende rol speel om seuns te leer om hul emosies te beheer.

* Don Elium, skrywer van *Raising a Son*, sê dat met probleemseuns, die algemene tema afwesige, onbetrokke vaders is.

* Die tronke is vol van mans wat deur hul vaders verlaat of verwerp is. Bill Glass, 'n evangelis wat bykans elke naweek vir 25 jaar berading gedoen het onder mans wat in aanhouding is, sê dat onder die duisende prisoniers wat hy ontmoet het, daar nie een is wat werklik sy vader liefhet nie. Vyf-en-negentig persent van diegene wat ter dood veroordeel is, haat hul vaders.

(Bron: *Bringing up Boys*, deur James Dobson, MD., BII. 55-56, 60).

Vader is daartoe verbind om ons te help om dit te doen, sodat ons die “vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is” kan geniet (vers 11).

Vaderskap is nie 'n vloek nie. Dit is 'n noodsaaklike aanvulling vir moederskap vir die opvoeding van die volgende geslag. Indien u 'n vader gehad het wat u opgelei het, wees dankbaar vir die leiding wat hy aan u verskaf het, hoe onvolmaak dit ook al mag wees. Laat ons ook almal teenoor God, ons Vader, dankbaar wees omdat Hy bereid is om ons op te lei vir die lewe saam met Hom in Sy Koninkryk.

Vaders versorg

Hoewel vaders dalk nie oor dieselfde diepe “emosionele put” beskik as moeders nie, is hul troos en bemoediging ook noodsaaklik vir hul kinders se groei. Terwyl sagmoedigheid, sagtheid en toegeneentheid nie so natuurlik vir party mans is nie, moet daardie kenmerke wel

teenwoordig wees in vaders wat hoop om gebalanseerde, gesonde kinders groot te maak. “Sagmoedigheid is vir staalharde eienskappe soos wat genade vir geregtigheid is. Wanneer geregtigheid alleen uitgedeel word, is dit koud, onversetlik en onsimpatiek ... Hoewel geregtigheid in werklikheid gegee word tot voordeel van die individu, blyk dit sonder genade gemik te wees op die lyding of selfs die vernietiging van die persoon ...” (Andelin, bl. 213).

'n Vader wat nie op sy kinders se emosionele behoeftes ingestel is nie, sal koud en onbetrokke voorkom. Wanneer warmte, kommunikasie en bemoediging by 'n vader ontbreek, kan die rolle in die gesin oorgaan tot 'n meester-slaaf verhouding. Ongelukkig, soos skrywers Ernest Havemann en Marlene Lihtinen opmerk, is dit hoe baie mense vandag tradisionele huweliksrolle sien (*Marraige and Families*, bl. 206). Dit was egter

nooit God se bedoeling dat vaders koud en afsydig moes wees nie. Let op hoe Hy Homself as ons Vader beskryf: “Soos iemand wat deur sy moeder getroos word, so sal Ek julle troos” (Jesaja 66:13). Paulus verduidelik dat hy in sy handeling met die Kerk probeer het om soos 'n versorgende, meelydende vader te wees wat vertroos (1 Thessalonicense 2:11).

Namate die samelewing al hoe meer verval en self-obsessief raak, het kinders die krag en liefde van toegewyde vaders wat by hulle sal staan, hulle sal ondersteun en vir hulle 'n held kan wees, meer as ooit tevore nodig. Britse sielkundige Dr. Joshua Bierer het op 'n keer opgemerk: “[Amerika is] steeds die vaderlose samelewing. Die eggenoot is nie meer 'n eggenoot nie. Alle vroue smag na 'n sterk man en hy is net nie daar nie” (Andelin, bl. xi). Kinders het vaders nodig – en vroue het mans nodig – wat nie sal swig voor groepdruk van “wat

ander ouers doen” nie. Kinders het toegewyde vaders nodig wat bedag is op hul toekomstige karakter – nie wat net toegee aan elke gril en gier van hul kinders nie.

In 'n toespraak aan die Nasionale Vadersdagkomitee, het generaal Douglas MacArthur gesê: “Ek is van beroep 'n soldaat ... Maar ek is trotser, oneindig trotser om 'n vader te

wees ... Dit is my wens dat my seun, wanneer ek nie meer daar is nie, my sal onthou, nie soos op die slagveld nie, maar in die huis” (Dobson, bl. 68-69). Ware vaderskap is 'n edel en eerbare rol vir 'n man en is die moeite werd om na te streef.

Sal “goeie gesinsmanne” uitsterf? Nie solank daar mans – en vrouens – is wat die belangrikheid van 'n vader in die

samelewing, vandag en in die toekoms, waardeer nie. God het aan ons die vadersrol gegee as 'n spieëlbeeld van Sy beskerming, voorsiening, dissipline en liefde vir die ganse mensdom. Wanneer Vadersdag weer nader kom, moet ons God – ons Vader – dank vir die geskenk van vaderskap. **WvM**

Het dogters vaders nodig?

- * Dogters wat na aan hulle vaders is, openbaar minder angstige en inkennige gedrag.
- * Dogters wat ondervind dat hul vaders baie vir hulle omgee en wat aan hul vaders gebonde voel, probeer beduidend minder kere selfmoord pleeg, is minder ontevrede met hul liggame, ly minder aan depressie of 'n lae selfbeeld, gebruik minder dwelms en het minder ongesonde gewigsprobleme.
- * Dogters met betrokke vaders is tweekeer meer geneig om nie skool te verlaat nie.
- * Dogters met vaders wat betrokke is in hul lewens het hoër kwantitatiewe en verbale vaardighede en hoër intellektuele funksionering.
- * Dogters wie se ouers geskei is of apart woon voordat hulle 21 jaar oud is, se lewensverwachting is vier jaar korter.
- * Dogters met goeie vaders is minder geneig om hulself op te dring om manlike aandag te trek.
- * Dogters met betrokke vaders wag langer om seksueel aktief te raak en het 'n laer tempo van tiener-swangerskappe.
- * Vyf-en-sewentig persent van tiener dogters sê hul vaders het hul keuse om seksueel aktief te raak, beïnvloed.
- * 'n Dogter uit 'n middelklas gesin wie se vader in die huis woon, het 'n vyfmaal laer risiko om buite die huwelik swanger te raak.
- * Meisies wat saam met hul moeders en vaders leef, ondervind beduidend minder groei en ontwikkelingsvertraging, het minder leerprobleme, emosionele onbestendigheid en gedragsprobleme.
- * Meisies wat weg van hul vaders woon, beskik beduidend minder oor die vermoë om hul impulse te beheer en het 'n swakker begrip van reg en verkeerd.

(Bron: *Strong Fathers, Strong Daughters*, deur Meg Meeker, M.D., bl. 23-25.)

Suksesvolle ouerskap volgens God se riglyne

Wat is die ware doel van ouerskap? Is dit bloot om kinders groot te maak om onafhanklike, bekwame volwassenes te word, of steek daar meer daaragter?

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!

Die toekoms van Jerusalem

Deur Richard F. Ames

Jerusalem staar vandag voortdurend geweld en die bedreiging van volskaalse oorlog in die gesig. U Bybel onthul egter dat hierdie historiese stad binnekort die hoofstad van die wêreld sal wees!

Jerusalem is 'n fokuspunt van konflik in die Midde-Ooste. Regdeur die Arabiese wêreld is miljoene mense gekant teen Israel se houvas op hierdie historiese stad. Wêreldwyd hoop miljoene Moslems dat die dag sal kom dat Jerusalem nie meer onder Israelse beheer sal wees nie.

Sal hulle hoop verwesenlik word? Verlede Maart het Iran se President, Mahmoud Ahmadinejad, met leiers van die Palestynse militante groep, Hamas, vergader en sy steun aan hulle pogings om Jerusalem uit Israelse beheer te wring, toegesê. “Die tyd vir die vervulling van die goddelike belofte is naby. Die Sionistiese regime [Israel] gaan deur sy ergste fase en is op die rand van uitwissing. Die Palestyne moet waaksaam bly en hulle verkose regering ondersteun om die weg voor te berei vir die bevryding van die heilige Quds [Jerusalem] en verlossing uit bese Sionistiese bande,” sê Ahmadinejad. Hy het Hamas aangemoedig om te volhard in hulle pogings “van voortgesette weerstand en die verwydering van die Sionistiese tiranne van die heilige grond van Palestina. Weerstand moet voortgaan totdat selfs nie 'n duim Palestynse grond nog onder Israelse beheer is nie”, het

Ahmadinejad gesê.

Ander minder strydlystige stemme het ook 'n beroep op Israel gedoen om minstens 'n gedeelte van hulle beheer oor Jerusalem prys te gee. Toe Israel in 1980 Jerusalem as hulle “verenigde en ewige” hoofstad verklaar het, het die Vatikaan sterk beswaar gemaak teen daardie verklaring. Teen 1984 het Pous Johannes Paulus II versoek dat Jerusalem 'n “spesiale internasionaal gewaarborgde status” moet kry. Meer onlangs het Pous Benediktus XVI baie Israeli's die harnas in gejaag deur te weier om alle Palestynse aanvalle op Israel te verdoem en deur die opmerking te maak dat Israel se reaksie op daardie aanvalle soms internasionale wetgewing geskend het. In sy boodskap op Asdag aan Jerusalem se Rooms-Katolieke verlede Februarie, het die Latynse patriarg, Michel Sabbah, Israel se beleid gekritiseer en gevra dat 'n einde gemaak moet word aan “die boosheid van besetting met die gepaardgaande onderdrukking” en het hy uitgevaar teen “die Israelse soldate wat te eniger tyd ons Palestynse stede binnekom, mense doodmaak, mense gevange neem, bome ontwortel en huise vernietig”.

Om die toekoms van

Jerusalem te verstaan, is dit nodig dat ons sy verlede moet verstaan. Na die val van Rome, het Jerusalem onder beheer van die Bisantynse Ryk gekom, totdat Moslem-magte die stad in 638 verower het. In 1099 het die Eerste Kruistog gesien hoe die beheer oor Jerusalem oorgeneem word deur die Europese invallers, wat dit behou het tot 1187, toe die stad ingeneem is deur die Moslem-generaal Saladin, wie se opvolger, al-Khamil, in 1228 die stad aan Keiser Frederik II van die Heilige Romeinse Ryk geskenk het. In 1244 het die Ayyubids van Egipte Jerusalem verower en dit het onder Egiptiese heerskappy gebly tot 1516, toe magte van die Ottomaanse Ryk die stad ingeneem het.

Vier eeue later, tydens die Eerste Wêreldoorlog in 1917, het Generaal Edmund Allenby die Britse magte aangevoer wat die Ottomaanse Turke verslaan en Jerusalem ontset het. Brittanje het in November 1917 die Verklaring van Balfour uitgereik om hul plan om 'n Joodse tuisland in Palestina te vestig, bekend te maak en die Volkebond het die Verklaring in 1922 bekragtig.

Die Volkebond het uitmekaar gespat. In November 1947 het 'n ander internasionale liggaam –

die pasgestigte Verenigde Volke – 'n Algemene Vergaderingsbesluit 181 uitgereik, wat 'n plan ingesluit het om die gebied rondom Jerusalem onder internasionale beheer te plaas. 'n Jaar later het oorlog tussen die Arabiere en Israel uitgebreek en die Verenigde Volke se hoop op vrede in die streek, is daardeur veryd. Van 1947 tot 1967 het Wes-Jerusalem onder Israelse beheer gebly terwyl Jordanië die gebied van Oos-Jerusalem administreer het.

In die “Sesdaagse Oorlog” van 1967, het Israelse magte die Arabiese aanvalle afgeweer, beheer oorgeneem oor Oos-Jerusalem en die hele stad vir die eerste keer in byna 1,900 jaar, onder Joodse heerskappy verenig. Sedert die Romeinse Generaal, Titus, en sy leer die stad in 70 n.C. vernietig het, was Jerusalem nie onder Joodse bestuur nie.

Vanaf 1967 het Jerusalem onder Israelse administrasie gebly. Spanning bly egter voortbestaan in hierdie digbevolkte stad met 'n beraamde bevolking van meer as 700,000 mense. Ongeveer 32 persent van die stad se bevolking is Arabiese Moslems wat hulleself dikwels in konflik bevind met die 65 persent van die Joodse bevolking.

Een stad, drie gelowe

Kan Israel en die Arabiese state vrede vind terwyl Jerusalem 'n bron van konflik bly? Sal die stad ooit die hoofstad wees van 'n Palestynse staat? Sal dit onder internasionale beheer kom? U Bybel toon dat die konflik oor

Jerusalem 'n sentrale fokuspunt in eindtydse gebeure sal wees.

Jerusalem is vandag 'n stad van vele gelowe; een opname in 2006 het 1,200 sinagoges, 150 kerke en 70 moskees binne sy grense geïdentifiseer.

Jode beskou Jerusalem as die stad van die groot profete en as die hoofstad van die Koninkryk van Israel en Juda onder Koning Dawid en sy seun Koning Salomo. Antieke Israel se eerste en tweede tempels in Jerusalem was die middelpunt van Joodse aanbidding totdat die Romeine die stad in 70 n.C. vernietig het. Vandag aanbid Jode by die Westerse Muur of Klaagmuur, wat, soos hulle glo, die enigste oorblywende element is van die Tweede Tempel en watter toeganklik is vir Joodse aanbidders.

Jerusalem is ook die derde heiligste Islamse stad naas Mekka en Medina. Die Moskee van Omar, ook genoem die Rotskoepel, oorheers tans die Tempelberg. Die Arabiese term vir die Tempelberg is *al-Haram as-Sharif*, wat “Die Edele Heiligdom” beteken. Moslems glo dat Mohammed vandaar na die hemel opgevaar het.

Christene onthou Jerusalem as die plek waar die Verlosser gekruisig is, en waar Hy in die Tempel onderrig gegee het – en as die plek waarheen Hy sal terugkeer om Sy koninkryk te vestig, met Jerusalem as die wêreldhoofstad.

Militêre gebeure voorspel

Wat onthul Bybelprofesie sal met Jerusalem gebeur? Uiteindelik sal hierdie ou stad die hoofstad van die hele wêreld

wees. Voor daardie tyd sal dramatiese militêre gebeure Israel egter affekteer. Daar sal 'n tyd kom, naby die einde van hierdie tydperk, dat vyandige weermagte die Heilige Land binne sal val en die stad Jerusalem sal omsingel. Soos Jesus Christus self gewaarsku het: “En wanneer julle Jerusalem deur leërs omsingeld sien, dan moet julle weet dat sy verwoesting naby is” (Lukas 21:20).

Dit sal nie sommer net enige leërs van die Midde-Ooste wees nie; Christus se profesie toon dat hierdie die leërs van die Heidene sal wees. Hy gaan voort: “Want dit sal dae van wraak wees, sodat alles wat geskrywe is, vervul kan word. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog in daardie dae; want daar sal 'n groot nood in die land wees en toorn oor hierdie volk. En hulle sal deur die skerpte van die swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies, en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is” (verse 22-24).

Maak seker dat u ook die ooreenstemmende weergawes in Mattheüs 24 en Markus 13 lees. Terwyl u dit lees, wees bedag daarop dat die vernietiging van Jerusalem in 70 n.C. 'n profetiese voorafskaduwing is van die eindtydse verwoesting wat in hierdie profesieë beskryf word.

Nadat Jerusalem weer onder Heidense beheer geval het, vir hoe lank sal die Heidene aan bewind bly? Die antwoord vind ons in die boek Openbaring, wat bevestig dat Israel weer beheer

oor Jerusalem sal verloor aan die einde van hierdie era. Die apostel Johannes skryf: “En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” (Openbaring 11:1-2).

Ja, aan die einde van hierdie era sal Jerusalem vir 42 maande onder beheer van die Heidene wees. Soos wat u deur die boek Openbaring lees, sal u sien dat hierdie periode van drie-en-'n-half jaar die koms van Christus vooraf gaan. Twee profete van God sal tydens hierdie selfde drie-en-'n-half jaar periode, kragtig getuig (Openbaring 11:3-15). Hierdie twee getuies sal in 'n stryd gewikkel wees teen die Heidense magte wat die Midde-Ooste daardie tyd sal oorheers.

Daniël se visioen word verduidelik

Die profeet Daniël het van 'n engel 'n visioen ontvang wat vir ons 'n verdere perspektief gee oor Jerusalem se toekoms. Toe hy die betekenis van die visioen vra, het die engel gesê: “Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe” (Daniël 12:9). Meer as 2,500 jaar later kan ons daardie profesie nou verstaan – hierdie is die tyd van die einde! Dan lees ons verder: “En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig

word, sal duisend-tweehonderden-negentig dae verloop” (vers 11). God onthul dat teen die tyd van die einde, kort voor Christus se Wederkoms, die daaglikse offers sal ophou, of “weggeneem word”. Dit impliseer uiteraard dat die offers eers ingestel moet word voordat dit afgeskaf kan word! Daar is inderdaad Ortodokse Jode wat reeds beplan om diereoffers weer in te stel sodra dit vir hulle moontlik is om dit te doen. Tans word die Jode egter nie toegelaat om in die openbaar op die Tempelberg te aanbid nie en ons sal nog moet sien waar en wanneer die Jode weer sal begin offer. Dit sal waarskynlik 'n nasionale krisis verg om dit teweeg te bring.

Gee ook aandag aan die ander sleutel-item waarvan Daniël melding maak: “Die gruwel van verwoesting”. Wat is dit? Geskiedkundig het die Griekse heerser, Antiochus Epiphanes, in 167 v.C. 'n dekreet uitgevaardig waarvolgens offerandes in die Jerusalem-tempel verbied is. Die Joodse geskiedkundige, *Josephus*, het Antiochus se daade beskryf: “Hy [Antiochus] het ook die tempel beroof en vir drie jaar en ses maande 'n einde gemaak aan die voortdurende gebruik om 'n daaglikse offerande te bring as boetedoening”. *Josephus* verduidelik ook hoe Antiochus die altaar ontheilig het. “Antiochus was nie tevrede met sy onverwagte inname van die stad of met die plundering daarvan, of met die groot slagting wat hy daar aangerig het nie ... hy het die Jode verplig om hulle landswette te ontbind

en om hulle babas onbesnede te hou en om varkvleis op die altaar te offer” (*War of the Jews*, Boek 1, Hoofstuk 1, Dele 1-2).

Antiochus het die tempel verder ontheilig. Hy het 'n standbeeld van Jupiter Olympus in die tempel opgerig en almal gebied om dit te aanbid. Hierdie gruwel waarna in hoofstukke 8 en 11 van Daniël se profesie verwys word, was 'n voorafskaduwing van 'n eindtydse gebeurtenis. Hiervan sê Jesus: “Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug” (Mattheüs 24:15-16).

Jesus waarsku ons om bedag te wees op 'n eindtydse gruwel van verwoesting. Net soos Antiochus Epiphanes die Tempel in 167 v.C. ontheilig en offerandes verbied het, so sal 'n toekomstige goddelose owerheid offerandes verbied. Wie of wat sal hierdie eindtydse Gruwel van Verwoesting wees? Neem kennis: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is” (2 Thessalonicense 2:3-4).

Ja, 'n groot vals profeet sal in die tempel van God sit. U behoort wakker te wees. U moet die toekoms verstaan. Moet u self nie laat mislei nie.

Hierdie vals profeet sal verstommende tekens doen. Kyk na hierdie beskrywing: “En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het” (Openbaring 13:11-14).

Terwyl die Dier-moonheid Jerusalem beheer, sal God se twee getuies profeteer en die weg voorberei vir die Messias, die Koning van die konings, om Jerusalem en die hele wêreld oor te neem. Die boek Openbaring beskryf die werk van die twee eindtydse profete. “En Ek sal aan My twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer” (Openbaring 11:3).

Die boek Openbaring beskryf voorts dat aan die einde van hulle getuienis, die Dier-moonheid hierdie twee profete sal oorwin en doodmaak, maar dat God hulle na drie dae sal opwek, tot die verbasing van hulle vyande. God sal dan begin

om Sy oordeel te voltrek deur 'n groot aardbewing in die stad te veroorsaak. Sewe duisend mense sal sterf. Dan sal die sewende basuin die goeie nuus van die Messias se Wederkoms na die aarde aankondig. “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (vers 15).

Vrede kom!

Ons leef vandag in 'n wêreld van oorlog en terrorisme. Die nasies streef na vrede, maar die apostel Paulus vermaan ons: “Soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie” (Romeine 3:10-11). Hy gaan voort: “Haastig is hulle voete om bloed te vergiet. Verwoesting en ellende is in hulle paaie, en die weg van vrede ken hulle nie. Daar is geen vrees van God voor hulle oë nie” (verse 15-18).

Die enigste een wat vir ons wêreldvrede sal bring, is die Messias, Jesus Christus. Hy kom terug as Koning van die konings en Here van die heersers soos dit vir ons vertel word in Openbaring 19:16. Die Bybel sê ook aan ons die presiese plek waarheen Hy sal terugkeer: “En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van Sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal Sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê,

aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide” (Sagaria 14:3-4). Die Olyfberg is net oos van die Tempelberg in Jerusalem, aan die oorkant van die Kidronvallei.

Jerusalem sal welvarend wees en floreer wanneer die Messias die wêreld vanuit Jerusalem regeer. Lees hierdie beskrywing: “En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een” (Sagaria 14:8-9).

Ek hoop dat u uitsien na daardie dag wat die profeet Jesaja voorspel het. “o Sion, verkondiger van goeie boodskap, klim op 'n hoë berg! o Jerusalem, verkondiger van goeie boodskap, hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie! Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!” (Jesaja 40:9).

Ja, soos ons gesien het, sal die Messias na Jerusalem kom! Die hele wêreld sal binnekort verstaan dat die God van Abraham, Isak en Jakob die Messias is. Onthou u die Rots van Israel? Die apostel Paulus skryf van antieke Israel, “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan

Vervolg op bladsy 27

Vrae & Antwoorde

Vraag: Jesus sê: “Begryp julle nie dat alles wat van buite af in die mens ingaan, hom nie onrein kan maak nie, omdat dit nie ingaan in sy hart nie, maar in die maag, en dit gaan in die heimlikheid uit en maak al die voedsel rein?” (Markus 7:18-19). Beteken dit dat Christene enigiets mag eet wat hulle wil?

Antwoord: Mense gebruik soms Markus 7:18-19 om hul begeerte te regverdig om kosse te eet wat die Bybel as “onrein” bestempel. Dit is egter belangrik om hierdie vers, uit een van Christus se gelykenisse, in die konteks daarvan te verstaan, sodat ons waarlik waardering kan hê vir wat Hy geleer het.

Let op die verse wat onmiddellik daarna volg: “Wat uit die mens uitgaan, dit maak die mens onrein. Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein” (verse 20-23).

Dit is duidelik dat Jesus 'n standpunt ingeneem het oor die belangrikheid van goddelike gedrag, maar het Hy ook 'n stelling gemaak oor dieet? Let op die parallelle vertelling van hierdie gelykenis in Mattheus 15. Hier verduidelik Christus – in die konteks van die rituele handewas, nie dieetvereistes nie – dat elke plant “wat My hemelse Vader nie geplant het nie, onwortel sal word” (Mattheus 15:13). Dit was 'n gelykenis oor goddelike gedrag, nie oor wat vir middagete op ons spyskaart moet wees nie!

Indien hierdie 'n letterlike opdrag oor dieet was, moet ons onself afvra: “Kan Christene vandag vermag om arseen en ander gifstowwe te eet sonder om daardeur geaffekteer te word?” Natuurlik nie! Die gelykenis sê dat alle voedsel deur 'n mens gaan. Dit sê egter nie dat onrein items as “voedsel” beskou word nie – Christus het *nie* aan ons gesê om arseen te eet nie, des te minder om die diere te eet wat die Bybel duidelik in Levitikus 11 as “onrein” beskryf.

Die apostel Petrus bevestig hierdie begrip in Handeling 10. God gee aan Petrus 'n visioen van 'n laken wat uit die hemel neersak, waarin daar diere is wat hy as “onrein” beskou het. In die visioen sê 'n stem aan Petrus om die diere te slag en te eet, maar Petrus weier en God praat weer

met hom en sê: “Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie” (Handeling 10:15).

Het Petrus verstaan dat dit die herroeping was van die wet oor rein en onrein voedsel? Nee! Petrus self verduidelik die les van die visioen deur te sê: “God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie” (vers 28). God het aan Petrus die visioen gegee om te toon dat hy vir beide Jode en Grieke moet preek en met hulle moet meng en gesels. Daar is geen rekord van Petrus wat onrein kosse eet nie, hetsy voor of na hierdie visioen!

'n Eindtydse profesie uit die boek Jesaja toon dat wanneer Christus terugkeer, Hy oordeel sal bring oor diegene wat daarmee volhou om onrein diere te eet, insluitend diegene “wat varkveis eet” (Jesaja 66:17). Indien Christus mense werklik toegelaat het om varkveis te eet, sou hierdie profesie geen sin maak nie – tensy ons aanneem dat Christus beplan om mense te straf omdat hulle Hom gehoorsaam!

Die Bybelse wette oor rein en onrein voedsel is nie bloot 'n manier waardeur God Sy mense uitsonder nie; dit is wette wat die fisiese gesondheid beskerm van diegene wat dit gehoorsaam. Soos *Erdmans' Handbook of the Bible* ons herinner: “Hierdie lys [van rein en onrein diere] het 'n belangrikheid wat dikwels geïgnoreer word. Hierdie lys is geensins gegrond op grille of giere nie, maar beklemtoon 'n feit wat nie tot laat in die vorige eeu ontdek is nie ... diere dra siektes wat vir die mens gevaarlik kan wees” (bl. 176). Diegene wat God se wet vandag gehoorsaam, kan die seëninge ervaar wat Hy vir Sy skepping beoog het.

Om meer te wete te kom oor die Bybelse wet van rein en onrein voedsel, en hoe dit u fisies sowel as geestelik van nut kan wees, skryf gerus aan ons streekkantoor op bl. 2 van hierdie tydskrif en versoek u gratis afskrif van ons artikel *Wil u dit werklik eet?* Deur God se dieetriglyne te volg, kan u u gesondheid – en u lewe – verander! **WVW**

Profesie neem

Spotters in die Laaste Dae

Meer mense bely die Christelike geloof as enige ander geloof. Meer as twee miljard van die mense wat vandag lewe, sê hulle glo dat Jesus Christus na hierdie aarde gekom het as die Seun van God om gekruisig te word vir die sondes van die wêreld, dat Hy begrawe was, uit die dood opgewek is en na die hemel opgevaar het. Die Bybel bied Jesus se wonderwerke en Sy opstanding uit die dood aan as bewys van Sy goddelikheid. Die Skrif toon aan dat hierdie gebeure deur baie getuies gestaaf was en dat dit kragtige redes was vir die verspreiding van die Christelike geloof.

Sommige hedendaagse skrywers en geleerdes suggereer egter nou dat hierdie grondliggende leerstellings van die Christendom slegs mites en fabels is. Skeptici maak die bewerings dat Jesus *nie* goddelik was nie, dat Hy getrou het en 'n kind gehad het – dat Hy *nie* uit die dood opgestaan het nie, maar dat Hy in die geheim in 'n familiegraf in Jerusalem saam met Sy vrou en seun begrawe is. Terwyl sommige spekuleer dat hierdie nuwe “insig” oor Jesus Christus “onder die mees betekenisvolle in die geskiedenis kan wees” (*Charlotte Observer*, 4 Maart 2007), is dit wat ons vandag aanskou, eenvoudig net meer profesieë wat *gestalte*

aanneem.

Vorm 'n denkbeeld van die verlede

Waar kom hierdie “nuwe” idees vandaan? Wat is hulle oorsprong? 'n Nader beskouing is onthullend. Dr. James Tabor, die skrywer van *The Jesus Dynasty* maak daarop aanspraak dat sy onlangs gepubliseerde boek “die storie van Jesus in 'n algehele nuwe lig stel. Dit is geskiedenis, nie fiksie nie” (bl. 4). Hy maak egter die stelling: “Geschiedenis is nie slegs die versameling van feite nie. Dit behels ook 'n poging om die verlede te herwin en 'n denkbeeld daarvan te vorm” (bl. 305). Kritici merk op dat Tabor se boek – en die dokumentêre televisieprogram *The Lost Tomb of Jesus* waartoe hy 'n bydrae gemaak het – “heelwat spekulasie” bevat. In die slot van sy boek skryf Tabor: “Daar is baie wat ons nooit sal kan weet nie ... Met betrekking tot sekere areas is ons daaraan oorgelaat om te raai en te spekuleer ... [wat] moontlik kon gebeur het ...” (bl. 308). Dit is beslis nie geskiedenis nie; dit is veronderstellings wat net sowel fiksie mag wees. Net so verskaf Michael Baigent, in *The Jesus Papers*, geen bestendige getuïenis – en verseker geen bewyse – vir sy bewering dat Jesus nie in die kruisiging gesterf het nie.

Hedendaagse geleerdes gebruik dikwels idees wat teenstrydig is met die Bybel se weergawe omdat hulle nie glo dat die Bybel 'n akkurate weergawe van die geskiedenis bevat nie. Hulle dissekteer die Skrif se weergawe en sit dit dan weer bymekaar op 'n manier wat *hulle dink* meer korrek behoort te wees. Tabor en ander hedendaagse geleerdes baseer hulle idees aangaande die Evangelies op die sogenaamde “Q-dokument” of *Evangelie van Q* – ‘n hipotetiese versameling van dinge wat Jesus sou gesê het, soos wat 'n 19de eeuse Duitse geleerde *hom dit voorgestel het*. Soos een teologiese ensiklopedie aanteken: “Aangesien Q na bewering dinge bevat wat Jesus sou gesê het en nie werke of wonderwerke nie, word dit gebruik as basis om die wederopstanding te ontken” asook die godheid van Christus (*Baker Encyclopedia of Christian Apologetics*, bl. 618-621). *Niemand het egter nog ooit hierdie teoretiese Q-dokument gesien nie*, en een vorige voorstander daarvan sê nou: “Hierdie is die goed waaruit feëverhale bestaan” (*ibid.*). Die idee van 'n Q-dokument “is gebaseer op 'n hervormer se siening van die geskiedenis, wat die Nuwe-Testament se geskiedenis in Handeling verwerp”. Indien die Q-hipotese

gestalte aan

korrek is ... moet die boek van Handelinghe heeltemal vals wees. Daar is egter geen ander boek in die Nuwe Testament wat meer bekragtig is vir sy historiese akkuraatheid as juis Handelinghe nie (*ibid.*). Deur 'n Q-dokument wat niemand nog ooit gesien het nie, sonder bewys aan te neem as basis vir die Evangelies, kan hedendaagse geleerdes hulself vryhede veroorloof om die lewe van Jesus te rekonstrueer soos wat hulle hul *verbeeld* dit behoort te wees. Dit is dus geen wonder dat hierdie “nuwe” perspektiewe op die lewe van Jesus *so dramaties verskil* van die werklike gebeure soos in die Bybel geboekstaaf nie.

Sommige geleerdes verwys na apokriewe geskrifte – nooit deur die Kerk aanvaar nie – as bewys dat Jesus getroud was en kinders gehad het. Een so 'n suggestie dat Jesus 'n romantiese verhouding gehad het, kom van die Gnostiese *Evangelie van Filippus* – 'n bron wat deur die vroeëre Kerk se leiers as vals en as 'n dwaalleer beskou was – nogtans aanvaar hedendaagse geleerdes dit, en ander soortgelyke geskrifte, as geldige geskiedenis. Dan Brown, skrywer van die *Da Vinci Code*, maak gebruik van hierdie bronne sowel as van ander heidense en okkultiese werke – nogtans herken geleerdes wat ook hierdie selfde werke gebruik, Dan Brown se novelle

as *suiwer fiksie!*

Die Bybelse weergawe

'n Studie van die Evangelies toon gou aan hoe die Bybel *verskil* van die spekulatiewe uitsprake van hedendaagse liberale geleerdes. Die Bybel stel dit duidelik dat 'n “maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem” – wat beteken “God met ons” (Jesaja 7:14). Jesus se vyande het met Hom gespot omdat Hy geen fisiese vader gehad het nie (Johannes 8:41). Hedendaagse geleerdes, wat uitgaan van die *veronderstelling* dat wonderwerke *nie kan* gebeur nie, verwerp die Bybel se weergawe van Jesus se bonatuurlike verwekking en maagdelike geboorte. Die Bybel stel dit duidelik dat Jesus se liggaam *nie daar was* toe Sy dissipels op die derde dag die grafkelder binne gegaan het nie, en dat die doeke waarin die liggaam toegedraai was, agtergelaat was (Markus 16:6; Lukas 24:3-7; Johannes 20:1-7). Sommige hedendaagse geleerdes, wat nie in staat is om 'n wonderbaarlike uitleg te aanvaar nie, suggereer dus dat Jesus se liggaam uit die graf gehaal en in die geheim op 'n ander plek begrawe was. Hulle doen dit in weerwil van die feit dat die Bybel verduidelik dat Romeinse soldate *betaal was om daardie einste leuen te versprei* om sodoende die feit

van die opstanding te *ontken* (Mattheus 28:11-15).

Die Skrif verduidelik dat Jesus na Sy opstanding, by baie geleenthede lewend verskyn het – selfs gelyktydig aan 'n groep van meer as 500 toeskouers (Johannes 20:19-20, 26; 21:1-7; 1 Korinthiërs 15:6-8). Jesus se opstanding op die derde dag was die *belangrikste teken* dat Hy die beloofde Messias was. Hedendaagse liberale geleerdes, met hulle anti-bonatuurlike vooroordeel, ontken egter dat 'n dooie liggaam weer lewendig kan word en uit 'n graf kan loop, dus funksioneer hulle op die *veronderstelling* dat Jesus se liggaam elders begrawe moes wees. Dink daaraan: Indien Jesus se liggaam wel iewers naby die plek van kruisiging in 'n familiegraf begrawe was, soos sommige kritici nou beweer, sou die godsdienstige en wêreldlike gesag seer sekerlik daarin kon slaag om die liggaam te vind en aan die publiek te wys om die nuwe Christelike beweging dood te druk!

Die Bybel verduidelik dat Jesus gepreek het oor 'n toekomstige koninkryk van God (Markus 1:14-15), wat Hy sê “nie van hierdie wêreld [is] nie” (Johannes 18:36). Christus het gekom om vir hierdie wêreld se sondes te sterf, soos Sy dissipels dit ook ingesien het (1 Johannes 2:2). Sommige revisionistiese geleerdes (hulle

wat die Bybel “hersien”) spekulêr egter dat die Evangelies verkeerd is en dat Jesus 'n vrou en kinders gehad het met wie Hy van plan was om 'n dinastie te begin. Hierdie geleerdes sê dat Hy geglo het dat Hy nie deur kruisiging sou sterf nie, maar dat “God sou ingryp en hom van sy vyande sou red op die laaste oomblik” (*The Jesus Dynasty*, bl. 310). Dit is vermaaklike spekulasie, maar *weerspreek* heeltemal wat die Bybel openbaar – en *ondermyn* die einste boodskap van die Evangelies.

Eindtydse spotters voorspel

Die toenemende aantal geleerdes en skrywers wat opspraak verwek deur openlik fundamentele leerstellings van die Bybel te bevraagteken,

behoort vir studente van die Skrif geen verrassing te wees nie. Lank gelede het God voorspel dat “daar aan die *einde van die dae spotters* sal kom wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel” (2 Petrus 3:3). In *The Expositor's Bible Commentary* verwys hierdie sinsnede na “vals leraars ... wat bybelse waarhede ontken” (volume 12, bl. 284). Die Bybel sê dat “*in die laaste dae*” mense “wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan *verloën* het,” (2 Timotheüs 3:5) sal ontken dat “die hele Skrif ... deur God geïnspireer [is]” (2 Timotheüs 3:1-16 N.V.). Hulle stem saam met Dan Brown se sinsnede: “Die Bybel is die produk van *mense*. Nie van God nie” (*The Da Vinci Code*, bl. 250). Die apostel Paulus het na die einde

van hierdie tydvak gekyk en voorspel dat “daar ... 'n tyd [sal] wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels” (2 Timotheüs 4:3-4). *Dit is waar ons vandag is!* Hedendaagse skrywers en geleerdes *verdraai* die Skrif, *ontken* die inspirasie van die Bybel, *verwerp* fundamentele Christelike leerstellings en *skep in hulle verbeeldingsvlugte* heeltemal ander sienswyses oor die lewe van Jesus Christus. Profesieë neem inderdaad *gestalte aan!* — Douglas S. Winnail

Vervolg vanaf bladsy 12 – Godsdien in die spervuur

het en die woord van die Heilige van Israel verag het. Daarom het die toorn van die HERE ontvlam teen Sy volk ...” (Jesaja 5:20-25). Die Bybel wys uitdruklik daarop dat daar 'n tyd van oordeel aan die kom is (Openbaring 11:15-18). Dawkins, Harris en hulle medewerkers het gewis rede om bekommerd te wees!

Talle profesieë praat ook van 'n oplewing in godsdienstige aktiwiteite in die eindtyd. Die apostel Paulus voorspel dat 'n prominente godsdienstige figuur in die eindtyd na vore sal kom en miljoene mense sal *mislei* met wonderwerke (2 Thesalonisense 2). Die profeet

Jesaja voorspel dat hierdie persoon 'n ekumeniese beweging sal aanmoedig waar die “dogterkerke” terugbeweeg na die moederkerk wat voorgee om die enigste ware kerk te wees (Jesaja 47:1-9). Die boek van Openbaring wys ook daarop dat hierdie prominente godsdienstige figuur sal toetree tot die wêreldpolitiek en die herlewing van 'n Europese ryk met wortels in die ou Romeinse Ryk sal bevorder, en dat hierdie herlewing globale gevolge sal hê (Openbaring 13, 17 en 18). Al hierdie gebeure sal plaasvind op 'n tydstop dat ongelowiges venynige aanvalle loods teen God en die Bybel. Natuurlik

verwerp Dawkins die boek van Openbaring, want hy noem dit “een van die onheilspellendste boeke in die Bybel” en beweer dat die apostel Johannes “onder die invloed van LSD was” toe hy die boek geskryf het (Dawkins, bl. 257-258). Maar binnekort sal Dawkins se aanvalle se ware kleure ontbloot word en sal die Bybel erken word as die bron van waarheid wat verduidelik wat in ons wêreld aan die gang is en wat in ons toekoms gaan gebeur. As u u Bybel lees, sal u voordurend sien hoe ware Bybelse godsdien vandag van toepassing is en hoe profeties korrek dit is! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Die toekoms van Jerusalem

het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus" (1 Korinthiërs 10:1-4). Ja, daardie Rots was die Messias – en Hy gaan binnekort terugkeer!

Soos Jesaja skryf: "Kyk, die Here HERE sal kom as 'n Sterke, en Sy arm sal heers; kyk, Sy loon is by Hom, en Sy beloning is voor Sy aangesig. Hy sal Sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in Sy arm vergader en aan Sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei" (Jesaja 40:10-11).

Ja, die Here sal Sy mense red en Hy sal al die nasies onderrig en met wysheid oor hulle regeer. Kyk na hierdie profesie aangaande Jerusalem: "Die woord wat Jesaja, die seun van Amos, gesien het met betrekking tot Juda en Jerusalem. En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die

nasies sal daarheen toestroom" (Jesaja 2:1-2).

'n Vreedsame wêreldregering lê voor

Berge is 'n Bybelse simbool vir 'n koninkryk of regering. Jesaja stel dit duidelik dat die Here se koninkryk in Jerusalem gevestig sal word. Alle volke sal hulle aan hierdie nuwe wêreldregering onderwerp. Dit sal nie 'n regering in die hande van selfsugtige mense wees nie. Hierdie nuwe regering sal 'n wêreldregerende goddelike Koninkryk wees – die Koninkryk van God. Hierdie wêreldregerende koninkryk sal regeer word deur die Messias, die Koning van die konings, Jesus Christus! Dit is die goeie nuus waarna ons almal uitsien. Ek hoop u sien uit na daardie tyd van wêreldvrede! Ek hoop dat u verlangend uitsien na die Koninkryk om te kom! Ek hoop dat u bid vir die Koninkryk om te kom, soos ons geleer word om te bid in Mattheüs 6:10!

Let op na hierdie pragtige beskrywing van die toekomstige lewe in Jerusalem: "So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en

sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskaars: Die heilige berg. So sê die HERE van die leërskaars: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit – elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel" (Sagaria 8:3-5).

Die stad Jerusalem sal uiteindelik aan sy naam reg laat geskied, "Stad van vrede", omdat die Messias, Jesus Christus, regtig daar sal woon. Slegs dan sal die hele wêreld werklike vrede begin ervaar.

Jerusalem sal die hoofstad wees van die planeet aarde en u kan 'n aandeel hê in die glorieryke Koninkryk wat vanuit daardie hoofstad regeer sal word. Die wêreld van môre gaan gouer hier wees as wat u besef. Soos wat gebeure plaasvind en nader beweeg aan hierdie wonderlike hoogtepunt, maak seker dat u wêreldgebeure dophou in die lig van Bybelprofesie! **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

aanbid en *vereer* het en met wie hy "geestelike deelgenoodskap" gehad het. God was werklik die *middelpunt* van Dawid se lewe! Ons is werklik na God se beeld geskape, en Hy wil hê dat *ons* moet leer – net soos Dawid – om met Hom te wandel, met Hom te praat en met Hom *gemeenskap te hê* (1 Johannes 1:3).

Maar onthou! Om werklik ná aan God te kom, moet ons Hom aanbid soos Hy sê ons dit moet

doen! Jesus Christus leer ons: "God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in *gees en waarheid aanbid*" (Johannes 4:24). Jesus Christus sê ook, "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" (Johannes 17:17).

Om dus die ware God te aanbid – die God wat *die Bybel geïnspireer het* – moet ons die Bybel ywerig **bestudeer**. Ons moet Christus "inneem" deur ons *verstande en harte te deurdrenk* met

God se Woord – deur altyd met 'n *oop gemoed* te lees, te *mediteer oor* en **God se wil** eerlik te “soek” soos dit in Sy geïnspireerde Woord geopenbaar word. Dan sal ons leer *hoe* om met God te wandel, *hoe* om tot God te bid en *hoe* om met God “deelgenootskap te hê”. Andersins, soos meeste van die *miljarde* verwarde mense in hierdie wêreld, sal ons God met ons menslike verbeelding – op die *verkeerde manier* – dien deur moontlik 'n vals godsdienst te volg of deur bloot toe te laat dat ons menslike verbeelding vir ons sê wat om te doen. Die Bybel vermaan ons egter streng om dit **nie** te doen nie! “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood” (Spreek 14:12; 16:25).

Wat die regte leefwyse mag **blyk te wees**, kan **regstreeks strydig** wees met die wil van ons Skepper! Dus moet ons almal bereid wees om te *studeer*, te *mediteer* en **alles te toets** – deur al ons idees en filosofieë te vergelyk met dít wat God vir ons in Sy geïnspireerde Woord sê! Dan kan ons eerlik “ons harte uitstort” voor God in vurige en volgehoue gebed! Ons kan Hom dan in absolute **geloof** vra om ons lewenspad aan te dui, *ons* in Sy diens te lei en *te gebruik* en ons Sy ewigdurende Koninkryk in te bring!

Hierdie begeerte moet *voorrang* geniet in ons gedagtes en in ons lewens, soos ons optrede **weerspieël**. Soos Jesus sê, “Maar soek **eers** die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:33).

Baie Ou-Testamentiese skrifte wys ons hoe God al die manne en vroue waarlik geseën het wat moeite gedoen het om Hom te “soek”. Let op: “Toe het die Gees van God op Asárja, die seun van Oded, gekom; en hy het uitgegaan om Asa te ontmoet en vir hom gesê: Luister na my, Asa en die hele Juda en Benjamin! Die HERE is met julle as julle met Hom is, en as julle Hom **soek**, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat” (2 Kronieke 15:1-2). Hoe het hulle daarop gereageer? “En hulle het die verbond aangegaan om die HERE, die God van hulle vaders, met hul hele hart en met hul hele siel te **soek**” (vers 12).

Die Bybel beskryf hoe Ussia geseën was toe hy met God gewandel het. “En hy het **God** gedurig **gesoek** in die dae van Sagaría, wat onderrig gegee het in die vrees van God. En in die dae dat hy die HERE gesoek het, het God hom voorspoedig gemaak” (2 Kronieke 26:5).

God se Woord help ons om te sien *hoe* en *waarom* hierdie regverdige konings geseën was. “En so het Jehiskía in die hele Juda gedoen: hy het gedoen wat goed en reg en trou was voor die aangesig van die HERE sy God. En in elke werk wat hy begin het insake die diens van die huis van God en insake die wet en die gebod om sy God te **soek**, het hy met sy hele hart gehandel en **voorspoed gehad**” (2 Kronieke 31:20-21).

Die **les** is dat, *indien* ons eerlik die wil van die groot **God** wil doen wat ons geskape en ons lewe en asem gee, moet ons Hom ywerig “soek” met ons hele hart. Ons moet dit doen deur dringend **tyd te maak** om op God se **wil** te fokus deur dít wat Hy in die Bybel geopenbaar het, te **bestudeer**. Ons moet dan noukeurig **mediteer** oor wat die Bybel sê Sy wil werklik is – en dan *vurig bid* tot ons Vader in die hemel vir krag en insig om Sy wil te verstaan en dit te **doen**. Dan, helaas moet ons **handel** volgens Sy wil, en “met God wandel” – soos Abraham, Dawid, Jesus en baie ander gedoen het wie se voorbeelde God vir ons in Sy geïnspireerde Woord gelaat het.

Dan sal God ons *ongetwyfeld hoor* en **antwoord** as ons op Sy wil reageer, soos Hy vir diegene voor ons gedoen het. Onthou, “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8).

Soos God Sy mense beloop het toe hulle in Babilon in gevangenskap was: “Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My **soek** en vind as julle na My **vra met julle hele hart**” (Jeremia 29:11-13).

